

**ONDERSOEK NA DIE INVLOED VAN DIE NARKOSETEGNIEK
(KETAMIEN PLUS MIDASOLAM TEENOOR SUFENTANIEL)
OP BREINSKADE TYDENS HARTOPERASIES BY DIE MENS**

deur

Francois Jacobus Smith

Studentenommer: 07807309

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MEDICINAE DOCTOR

in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe

Skool vir Geneeskunde

Departement Anesthesiologie

Universiteit van Pretoria

Pretoria

Republiek van Suid-Afrika

Promotor: Professor JM Hugo

Medepromotor: Professor WJH Vermaak

Professor PR Bartel

April 2003

VERKLARING

Ondersoek na die invloed van die narkosetegniek (ketamien plus midasolam teenoor sufentaniel) op breinskade tydens hartoperasies by die mens

deur

Francois Jacobus Smith

Studentenommer: 07807309

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MEDICINAE DOCTOR

in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe

Skool vir Geneeskunde

Departement Anesthesiologie

Universiteit van Pretoria

Pretoria

Republiek van Suid-Afrika

Promotor: Professor JM Hugo

Medepromotors: Professor WJH Vermaak, Professor PR Bartel

Hiermee word verklaar dat bogenoemde navorsing deur myself uitgevoer is, en dat hierdie werkstuk deur myself voorberei is. Hierdie werk is nog nie voorheen vir enige graad voorgelê nie.

Geteken te Pretoria op 11 April 2003.

FJ Smith

**OPGEDRA AAN
MY OUERS, VOOROUERS, LEERMEESTERS EN STUDENTE**

**“...Toe het die Here God ’n diep slaap oor die mens laat kom,
sodat hy vas geslaap het...”**

GENESIS 2:21

INHOUD

OPSOMMING	viii
SUMMARY	x
DANKBETUIGINGS	xii
LYS VAN AFKORTINGS	xiii
HOOFSTUK 1 INLEIDING	1
HOOFSTUK 2 DOEL	3
HOOFSTUK 3 LITERATUUROORSIG	4
3.1 EPIDEMIOLOGIE	4
3.1.1 Premorbiede neurofisiologiese en -psigologiese funksie	5
3.1.2 Onderliggende siekte	5
3.1.3 Oorerflikheidsfaktore	6
3.2 TIPE CHIRURGIE EN PERFUSIETEGNIEK	7
3.3 DIE NARKOSETEGNIEK EN BREINSKADE	7
3.4 HANDHAWING VAN SEREBRALE HOMEOSTASE	9
3.4.1 Serebrale bloedvloei	9
3.4.2 Serebrale energieproduksie en handhawing van energie substrate	10
3.4.3 Neuron-ioonhomeostase	11
3.4.4 Kalsium en normale selfunksie	12
3.5 PATOFISIOLOGIE VAN SEREBRALE ISKEMIE	13
3.5.1 Iskemiegeïnduseerde homeostaseversteuring	13
3.5.2 Sellulêre asidose	13
3.5.3 erlies van transmembraan-ioonhomeostase	13
3.5.4 Die neuron-iskemiekaskade	14
3.5.5 Die rol van eksitatoriese aminosure, dopamien en stikstofmonoksied	17
3.5.6 Neuro-elektriese reaksie op hipoksie	21
3.6 PATOFISIOLOGIE VAN HARTCHIRURGIE-GEASSOSIEERDE BREINSKADE	22
3.7 METING VAN SEREBRALE SUURSTOFBALANS	24
3.7.1 Naby-infrarooispektroskopie	24
3.7.2 Suurstofsaturasie in die jugulêre bulbus	25
3.7.3 Neuro-elektrofisiologiese monitering van breinmetabolisme	26
3.7.3.1 Die elektroënkefalogram (EEG) en prosessering daarvan	26
3.7.3.2 Ontlokte potensiale	26
3.7.3.3 Nuwer moniteringsmetodes	27
3.8 KARDIOPULMONALE OMLEIDING EN DIE BREIN	28
3.8.1 Tydsduur	28
3.8.2 Perfusiedruk, en -patroon tydens KPO	28
3.8.3 Temperatuurstrategie tydens KPO: afkoeling en opwarming	30
3.8.4 Hematokrit	32
3.8.5 Metaboliese beheer	32
3.8.6 Tipe oksigenator, filters, ontlugting en selherwinning	34
3.8.7 Ouderdom en ander premorbiede faktore	35
3.9 SEREBRALE EFFEKTE VAN NARKOSE- EN NARKOSEVERWANTE MIDDELS	37
3.9.1 Die inhalante	37
3.9.2 Die intraveneuse narkosemiddels	38
3.9.2.1 Die barbiturate	39
3.9.2.2 Etomidaat	40
3.9.2.3 Propofol	40
3.9.2.4 Die opioïede en opioïedantagoniste	40
3.9.2.5 Ketamien	41
3.9.2.6 Die bensodiasepiene	45
3.9.3 Serebrale effekte van narkoseverwante middels	45
3.9.3.1 Lignokaiën	45
3.9.3.2 Die skeletspierverslappers	45
3.9.3.3 Die vasodilatore en -konstriktore	45
3.9.3.4 Magnesium en ander kalsiumantagoniste	45
3.9.3.5 Die katesjolamiene	46
3.9.3.6 Die α_2 -agoniste	46
3.10 MODALITEITE VAN BREINBESKERMING	47
3.10.1 Vermindering van die CMRO ₂ en CMRG deur narkosemiddels	48
3.10.1.1 Die inhalante	48
3.10.1.2 Die barbutirate	48
3.10.1.3 Etomidaat	50
3.10.1.4 Propofol	50

3.10.1.5	Die opioïede en opioïedantagoniste	51
3.10.1.6	Die NMDA-reseptorantagoniste	51
3.10.1.7	Die bensodiasepiene	51
3.10.1.8	Hipotermie	52
3.10.2	Demping van die kaskades wat volg op iskemie	52
3.10.2.1	Die inhalante	52
3.10.2.2	Barbiturate	53
3.10.2.3	Etomidaat	53
3.10.2.4	Propofol	53
3.10.2.5	Opioïede	53
3.10.2.6	Ketamien	54
3.10.2.7	Midasolam	54
3.10.2.8	Hipotermie	54
3.10.2.9	Glisienantagoniste	55
3.10.2.10	Antagoniste van endogene poli-amiene	55
3.10.2.11	Behoud van proteïenkinase C-aktiwiteit	55
3.10.2.12	Allopurinol	56
3.10.2.13	Proteaseremmers	56
3.10.2.14	Vryradikaalopruimers en remmers van vryradikaalproduksie	56
3.10.2.15	Dempers van die inflammatoriese reaksie na iskemie	60
3.10.3	Iskemiese prekondisionering	61
3.10.4	Nuwe konsepte in breinbeskerming	65
3.11	VOORKOMING VAN ISKEMIESE NEURONSKADE BY DIE MENS	66
3.12	METING VAN BREINSKADE	67
3.12.1	Neurofisiologiese evaluering	67
3.12.1.1	Die QEEG	67
3.12.1.2	Ontlokte potensiale	69
3.12.2	Neurologiese en neuropsigologiese toetsing	70
3.12.3	Biochemiese merkers breiniskemie	71
3.12.3.1	Biochemiese merkers van neuronskade	71
3.12.3.2	Merkers van vryradikaalproduksie	77
HOOFSTUK 4 HIPOTESE		79
4.1	NULHIPOTESE	79
4.2	ALTERNATIEWE HIPOTESE	79
HOOFSTUK 5 STUDIEONTWERP, PASIËNTE EN METODEDES		80
5.1	TIPE STUDIE	80
5.2	PASIËNTE	80
5.3	UITSLUITINGSKRITERIA	80
5.4	NARKOSETEGNIEK	80
5.5	INTERVENSIES EN METING	81
5.5.1	Neurofisiologies	81
5.5.1.1	QEEG	81
5.5.1.2	Reaksietyd	83
5.5.2	Biochemiese meting	84
HOOFSTUK 6 STATISTIEK		86
HOOFSTUK 7 RESULTATE EN STATISTIESE ANALISE		88
7.1	BIOGRAFIESE DATA	88
7.2	TIPE CHIRURGIE EN PERFUSIETYD	90
7.3	DIE NARKOSETEGNIEK, KARDIOVASKULÊRE ONDERSTEUNING EN VOGBALANS	91
7.4	HEMODINAMIESE VERANDERLIKES	95
7.5	METABOLIESE FAKTORE	99
7.6	NEUROFISIOLOGIESE BEVINDINGE	106
7.6.1	QEEG-bevindinge	106
7.6.1.1	QEEG-uitkoms by MK, S, KVO en KV	112
7.6.1.2	QEEG-uitkoms oor groepe	112
7.6.2	Reaksietye	113
7.6.3	Reaksietyduitskomste	127
7.6.3.1	Reaksietyduitskomste by MK, S, KVO en KV	127
7.6.3.2	Verandering in reaksietydveranderlikes oor groepe	127

7.7	Chemiese merkers van breinskade	130
7.7.1	Styging in chemiese merkers	130
7.7.2	Hemolise en NSE	136
7.7.3	Uitkoms volgens die chemiese merkers	140
7.7.4	Die sensitiwiteit en spesifisiteit van reaksietyd ten opsigte van die QEEG en chemiese merkeruitkoms	141
7.8	KORRELASIES TUSSEN VERKLARENDE EN UITKOMSV ERANDERLIKES	142
7.9	ANALISE VAN KOVARIANSIE (ANCOVA)	152
7.9.1	Die vernaamste bevindinge by die uitkomsveranderlikes sonder inagneming van kovariate	152
7.9.2	Die vernaamste bevindinge ten opsigte van die verklarende veranderlikes	152
7.9.3	Bepaling van die invloed van verklarende veranderlikes (ANCOVA)	153
7.9.4	Die bydrae van kovariate	160
7.9.5	Opsomming van bevindings met ANCOVA	162
7.10	HOOFBEVINDINGE	163
7.10.1	Pre- en intraoperatiewe veranderlikes	163
7.10.2	Die QEEG	163
7.10.3	Reaksietye	163
7.10.4	Chemiese merkers	164
	HOOFSTUK 8 BESPREGING	165
8.1	METING VAN UITKOMS	166
8.1.1	Kliniese -uitkoms	171
8.1.2	QEEG-bevindinge	172
8.1.3	Reaksietyd	175
8.1.4	Chemiese merkers en breinskade	180
8.1.4.1	Neuron- spesifieke enolase	180
8.1.4.2	S-100 β -proteïen	182
8.1.5	Die verband tussen uitkomsveranderlikes	186
8.2	FAKTORE BENEWENS NARKOSETEGNIEK EN KPO SE INVLOED OP UITKOMS	192
8.2.1	Biografiese en premorbiede faktore	192
8.2.2	Hemodinamiese faktore en vogbalans	193
8.2.3	Tipe operasie, chirurgiese tegniek en operasietyd	206
8.2.4	Perfusietegniek	212
8.2.5	Metaboliese faktore	215
8.2.5.1	Temperatuur	215
8.2.5.2	Suur-basisbalans	229
8.2.5.3	Hematokrit	234
8.2.5.4	Glukose	237
8.2.5.5	Die toediening van magnesiumsulfaat	238
8.2.6	Opsomming van die verband tussen die narkosetegniek en metaboliese veranderlikes tydens KPO	239
8.2.7	Opsomming en aanbevelings oor veilige KPO-tegniek	240
8.3	DIE NARKOSETEGNIEK	242
8.4	OPSOMMING VAN DIE VERBAND TUSSEN VERKLARENDE EN UITKOMSV ERANDERLIKES	254
	HOOFSTUK 9 GEVOLGTREKKING, TEKORTKOMINGE EN BYDRAE	256
	BYLAES	260
	BYLAE A ANALISE VAN KOVARIASIE	260
	VERWYSINGS	278

OPSOMMING**ONDERSOEK NA DIE INVLOED VAN DIE NARKOSETEGNIEK (KETAMIEN PLUS MIDASOLAM TEENOOR SUFENTANIEL) OP BREINSKADE TYDENS HARTOPERASIES BY DIE MENS****Deur Francois Jacobus Smith**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling aan 'n deel van die vereistes vir die graad **MEDICINAE DOCTOR** in die Departement Anesthesiologie, Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Universiteit van Pretoria.

Promotor: Professor JM Hugo

Medepromotors: Professor JWH Vermaak, Professor PR Bartel

Inleiding

Neuropsigologiese disfunksie na hartchirurgie met kardiopulmonale omleiding (KPO) word toegeskrywe aan breiniskemie as gevolg van, onder andere hipotensie, serebrale hipertermie, serebrale embolisme, interaksie tussen farmakologiese metodes en hipotermie tydens iskemie en neurotoksisiteit van narkosemiddels.

Doel

Ondersoek na die invloed van die narkosetegniese midasolam plus ketamien (MK) of sufentaniël (S) op die kwantitatiewe EEG (QEEG), reaktietyd (RT), serum-neuron-spesifieke enolase (NSE), en α -S-100 β -proteïen na KPO by die mens.

Pasiënte en metodes

Die steekproef het bestaan uit 'n totaal van 42 pasiënte geskeduleer vir elektiewe koronêrevatomleiding (KVO) of klepvervanging (KV). Al die pasiënte was nie beskikbaar vir al die postoperatiewe toetse nie. Die pasiënte is lukraak verdeel in 2 groepe MK en S.

Narkosetegniese: S of MK en isofluraan wanneer nodig.

KPO-tegniese: 30°C, membraanoksigenasie, 'n 40 μ m filter in die arteriële kanule en α -stat-bloedgashantering, bloeddruk van 50 tot 70 mm Hg en hematokrit > 22%, aktiewe verwarming voor spening tot 'n nasofarinkstemperatuur van hoogstens 37,5°C.

QEEG en RT is 1 tot 2 dae preoperatief en 5 tot 6 dae postoperatief bepaal.

Serum-NSE en α -S-100 β -proteïen is preoperatief, twee minute na instelling van KPO, na opwarming tot 37°C, net voor die einde van KPO en 2, 4, 10, 20, 30, en 48 uur na KPO bepaal.

Resultate

QEEG: Daar was veral 'n toename in die stadige golfaktiwiteit (relatiewe θ en δ). Die QEEG-uitkoms was by KVO beter as by KV ($p < 0,001$), maar nie verskillend tussen MK

en S nie ($p = 0,5000$). MK was by $\Delta\theta\%$ beter as S ($p = 0,0120$). KVO was by $\Delta\theta\%$ ($p = 0,0010$), $\Delta\alpha/\theta\%$ ($p = 0,0090$) en $\Delta PS\%$ ($p = 0,0025$) beter as KV.

Reaksietyd: Daar was betekenisvolle agteruitgang by 5/18 (27,78%) van MK en 12/18 (66,67%) van S ($p = 0,0220$). Die akkuraatheidverandering by sekweniële reaksietyd 1 ($p = 0,0100$), en sekweniële reaksietyd 2 ($p = 0,0970$) en die kumulatiewe akkuraatheid was beter met MK as S ($p = 0,0020$).

Chemiese merkers: Oor groepe was daar 'n swak NSE-uitkoms by 14,8%, en 'n swak S-100 β -uitkoms by 61,9% van pasiënte. In groepe was daar 'n swak NSE-uitkoms by 14,8% MK, 14,8% S ($p = 1,0000$), 4,8% van KVO en 23,8% van KV ($p = 0,1840$). In groepe was daar 'n swak S-100 β -uitkoms by 42,9% van MK maar 81,0% van S ($p = 0,0250$), en 66,7% van KVO en 57,1% van KV ($p = 0,7510$). KVO het volgens die area onder die kurwe van gekorrigeerde NSE 'n beter uitkoms as KV gehad ($p = 0,0040$). By die maksimum S-100 β -vlak ($p = 0,0180$) en die area onder kurwe van S-100 β ($p = 0,0040$) was daar 'n interaksie met MK beter vir KV en S beter vir KVO.

Gevolgtrekking, tekortkominge, betekenis en bydrae

Geen vergelykende kliniese studie oor die invloed van S en MK op die neurologiese uitkoms na KPO is in die literatuur teëgekome nie. In soverre dit breinskade aangaan was die uitkoms moontlik beter met MK as S, en KVO beter as KV; daar was 'n interaksies tussen narkosetegniek en tipe operasie.

SUMMARY

The influence of the anaesthetic technique (ketamine plus midazolam versus sufentanil) on brain damage during cardiac surgery in humans

By Francois Jacobus Smith

Submitted in partial fulfillment of the requirements for the degree MEDICINAE DOCTOR in the Departement Anesthesiology, Faculty of Health Sciences, University of Pretoria.

Promoter: Professor JM Hugo

Associate promoters: Professor JWH Vermaak, Professor PR Bartel

Introduction

The neuropsychological deterioration after cardiac surgery involving cardiopulmonary bypass (CPB), is ascribed to brain ischaemia caused by, amongst others, hypotension, cerebral hyperthermia, cerebral embolism, interaction between pharmacological methods and hypothermia during ischaemia, and the directly neurotoxic of anaesthetic drugs.

Aim

To investigate the effect of the anaesthetic techniques midazolam plus ketamine (MK) or sufentanil (S) on the quantitative EEG (QEEG), reaction time (RT), serum neuron specific enolase (NSE), and serum S-100 β protein after cardiac surgery involving CPB in humans.

Patients and methods

The sample consisted of a total of 42 patients scheduled for elective coronary artery bypass (CABG) or valve replacement (VR). All patients were not available for all the postoperative tests. Patients were allocated randomly to group MK or S.

Anaesthetic technique: S or MK. Isoflurane was administered when necessary.

CPB technique: 30°C, membrane oxygenation, a 40 μ m filter in the arterial cannula and α -stat-blood gas management, blood pressure of 50 to 70 mm Hg and a haematocrit > 22%. Patients were weaned from CPB when nasopharyngeal temperature reached a maximum of 37,5°C.

QEEG and RT was performed 1 to 2 days preoperatively and 5 to 6 days postoperatively.

Serum-NSE and –S-100 β protein were measured preoperatively, 2 minutes after going on CPB, after rewarming to 37°C, just before the end of CPB and 2, 4, 10, 20, 30, and 48 hours after CPB.

Results

QEEG: The most noticeable finding was an increase in slow wave activity (relative θ and δ). The QEEG outcome was better after CABG than after VR ($p < 0,001$), but not different between MK and S ($p = 0,5000$). $\Delta\theta\%$ was better with MK than S ($p = 0,0120$). $\Delta\theta\%$ ($p = 0,0010$), $\Delta\alpha/\theta\%$ ($p = 0,0090$) and $\Delta PS\%$ ($p = 0,0025$) was better after CABG than VR.

Reaction time: There was a significant deterioration in 5/18 (27,78%) of MK and 12/18 (66,67%) of S ($p = 0,0220$). The change in accuracy in sequential reaction time 1 ($p = 0,0100$), and sequential reaction time 2 ($p = 0,0970$) and the cumulative accuracy was better with MK than S ($p = 0,0020$).

Chemical markers: Over groups 14,8% of patients had a poor NSE and 61,9% a poor S-100 β outcome. Within groups a poor NSE outcome was found in 14,8% of MK and 14,8% of S ($p = 1,0000$), and 4,8% of CABG but 23,8% of VR ($p = 0,1840$). Within groups as adverse S-100 β outcome was found in 42,9% of MK but 81,0% van S ($p = 0,0250$; Fisher's exact test), and 66,7% of CABG and 57,1% of KV ($p = 0,7510$). According to area under the curve of corrected NSE, CABG had a better outcome than VR ($p = 0,0040$). According to both maximum S-100 β level and the area under the curve of S-100 β , an interaction occurred between the anaesthetic technique and the procedure, with VR doing better with MK while CABG did significantly better with S ($p = 0,0180$ en $0,0040$ respectively).

Conclusion, shortcomings, significance and contribution

This study has shown that, in as far as brain damage is concerned, the outcome was probably better with MK than with S, and CABG better than VR. An interaction was found between the anaesthetic technique and the type of operation.

DANKBETUIGINGS

Ten eerste, my opregte dank aan al die pasiënte wat aan die proef deelgeneem het.

My hartlike dank aan Professor JM Hugo wat ingewillig het om as promotor op te tree. Sy advies, nuttige kritiek en ondersteuning was van groot waarde. My waardering vir die geduld en skerp oog waarmee hy die manuskrip geredigeer het.

My dank aan Professor JWH Vermaak vir sy raad en ondersteuning tydens die voorbereiding van die protokol sowel as die ondersteuning van die Departement Chemiese Patologie, Universiteit van Pretoria vir die bepaling van die chemiese merkers.

Die hulp, advies en urelange bystand van Professor Peter Bartel en sy tegnoloë van die Departement Neurofisiologie, Universiteit van Pretoria, sowel as die Jobse geduld en insigte van Dr PJ Becker van die Eenheid vir Biostatistiek, Mediese Navorsingsraad, was onontbeerlik vir die uitvoering en interpretasie van hierdie studie. Hulle ondersteuning word hoog op prys gestel. Die raad van Prof H Groeneveld van die Departement Statistiek, Universiteit van Pretoria word waardeer.

Die vriendelikheid, hulp en geduld van Ingrid Bornman en haar medetegnoloë van die Departement Chemiese Patologie, wat die chemiese merkers bepaal het, word opreg waardeer.

Aan die verpleegkundiges van Saal 12 en Saal 12 Intensief, my dank vir die tydige en ontydige hulp met die werwing van proefpersone, versameling en versending van bloedmonsters, en motivering van pasiënte om die neuropsigologiese en –fisiologiese opvolgondersoeke te ondergaan.

Aan die tegnoloë en die Chirurge van die Departement Kardiorakale Chirurgie vir hulle geduld en hulp om tydens operasies te hou by die vasgestelde protokol en vir die versameling van bloedmonsters.

Die kundigheid, geduld en vriendelikheid van *al* die personeel van die Mediese Biblioteek, Universiteit van Pretoria, veral dié van Mylene Oosthuizen en Susan Scheepers, vir die verkryging van literatuur.

Die hulp van die sekretaresses van die Departement Anesthesiologie word waardeer: Anna Wedderspoon, Hettie Steyn en Ronel Botha.

Die belangstelling en aanmoediging deur my familie word waardeer.

Hartlik dank aan my kollegas van die Departement Anesthesiologie, Universiteit van Pretoria, vir hulle begrip en die geleentheid wat hulle my gebied het om die studie uit te voer en op te skrywe. Die ekstra werkswas wat hulle in die teater gedra het, het nie ongesiens verbygegaan nie.

En dan die belangrikste: *Soli Deo Gloria*.

AFKORTINGS

$\Delta\beta$, $\Delta\beta\%$, $\Delta\alpha$, $\Delta\alpha\%$, $\Delta\delta$, $\Delta\delta\%$, $\Delta\theta$, $\Delta\theta\%$	Verandering en % verandering in relatiewe β , α , δ , θ
$\Delta\alpha/\theta$ en $\Delta\alpha/\theta\%$	Verandering en % verandering α/θ
β , α , δ , θ	Relatiewe β -, α -, δ -, θ -amplitude (%)
α/θ	α/θ -verhouding
ΔAAI en $\Delta AAI\%$	Verandering en % verandering AAI
$\Delta Akk1\%$ tot $\Delta Akk4\%$	Verandering akkuraatheid RT1 tot RT4 %
$\Delta BP1\%$ tot $\Delta BP4\%$	% verandering tov preoperatiewe bloeddruk gedurende Tyd 1 tot 3 en einde van chirurgie
ΔF	Verandering in F
$\Delta F\%$	Verandering in akkuraatheid %
$\Delta Hkt2\%$	Persentasie-afname van Hkt0 na die minimum Hkt tydens KPO
ΔPS en $\Delta PS\%$	Verandering en % verandering PS
$\Delta RT1$ tot $\Delta RT4$	Verandering RT1 tot RT4
$\Delta RT1\%$ tot $\Delta RT4\%$	Verandering RT1 tot RT4 %
$\Delta RTKum\%$	% verandering in kumulatiewe reaksietyd
$\Delta RTKum\%$	Verandering in RTKum %
$\Delta RTx\%$	Die verandering in 'n reaksietydparameter, byvoorbeeld $\Delta RT1\%$
$[Ca^{2+}]$	Ekstrasellulêre Ca^{2+} -konsentrasie
$[Ca^{2+}]_i$	Intrasellulêre Ca^{2+} -konsentrasie
$[Cl^-]_i$	Intrasellulêre chloriedkonsentrasie
$[H^+]_i$	Intrasellulêre H^+ -konsentrasie
$[K^+]_e$	Ekstrasellulêre K^+ -konsentrasie
$[K^+]_i$	Intrasellulêre K^+ -konsentrasie van
$[Na^+]_e$	Ekstrasellulêre natriumkonsentrasie
$[Na^+]_i$	Intrasellulêre natriumkonsentrasie
95% VI (95% confidence interval)	95% vertrouensinterval (95% VI) (95% confidence interval)
AAI	α -attenuasie-indeks
ADNF	Aktiwiteit-afhanklike neurotrofiese faktor
ADP	Adenosindifosfaat
AG	Aangepaste gemiddeld (ANCOVA)
AMP	Adenosienmonofosfaat
AMPA- of kwiskwalaat	α -amino-3-hidroksie-5-metiel-4-isoksasool-propionaat
ANCOVA	Analise van kovariansie
AOKBP1 tot AOKBP3	Tyd1 x $\Delta BP1\%$ tot Tyd3 x $\Delta BP3\%$
AOKNK	Area onder die kurwe NK
AOKS100	Area onder die kurwe S-100 β
AOKT1, AOKT2 en AOKT3	Areas onder die kurwes van temperatuur teenoor tyd voor, tydens en na KPO ($^{\circ}C \cdot min$).
ApoE4-alleel	ApoE-epsilon-4-alleel
ATP	Adosientrifosfaat
BBS	Bloed-breinskans
BDNF	Brein- afgeleide neurotrofiese faktor
BL1+3	Volume/kg heelbloed toegedien gedurende Tyd1 plus Tyd3
BP1 tot BP4	Bloeddruk gedurende Tyd 1 tot 3 en einde van chirurgie
C(a-j)DO ₂	Arteriojugulêre suurstofkonsentrasieverskil
CaO ₂	Arteriële suurstofkonsentrasie
CDO ₂	Serebrale suurstoflewering (CDO ₂)
cGMP	Intrasellulêre sikliese guanosienmonofosfaat
CK-BB	BB-kreatienkinase-iso-ensiem

CMRG	Serebrale glukoseverbruik
CMRO ₂	Serebrale suurstofverbruik
CNQX	6-siano-7-nitrokwinoksalien-2,3-dieen
CTP	Sitidientrifosfaat
CytOx	Geoksideerde sitochroom a,a ₃
DAG	Diasielgliserol
DHPG	3,5-dihidroksi-feniëlgliësin
EAA	Eksitatoriese aminosure
ecNOS	Konstitutiewe NOS
ERK	Ekstrasellulêr gereguleerde kinase
F1 en F2	Totale aantal foute pre- en postoperatief
FFT	Vinnige Fourier transformasie (<i>fast Fourier transformation</i>)
GABA	Gamma-aminobottersuur
GDNF	Glia- afgeleide neurotrofiese faktor
GKS	Glasgow komaskaal
GI2	Bloedglukose tydens KPO
GI2max	Maksimum glukose tydens KPO
GOS	Glasgow Outcome Score
HbO ₂ , Hb, HbT	Geoksigeneerde, gedeoksigeneerde en totale hemoglobien
Hkt	Hematokrit.
Hkt0	Preoperatiewe hematokrit
Hkt2	Hematokrit tydens KPO
IL-1ra.	1β-reseptorantagonis.
IL-6	Interleukien- 6
IL-8	Interleukien--8
iNOS	Induseerbare NOS
IP	Iskemiese prekondisionering
IP ₃	Inositoltrifosfaat
Iso%min	Totale isofluraandosis % x minute
Iso%min2	Isofluraandosis tydens KPO % x minute
ISS	Injury Severity Score
ITP	Inositoltrifosfaat
Jaar	Ouderdom
Koll1+3	Volume kolloïed gedurende Tyd1 plus Tyd3
KPO	Koronêrevatomleiding
KV	Klepvervanging
LAP	Leusienaminopeptidase
LC	Locus coeruleus
LDH	Laktaatdehidrogenase
Lj	Jugulêre laktaat (Lj)
LMI	Liggaamsmassaindeks
L-NAME	Nitro-L-arginienmetielester
LO	Liggaamsoppervlakte
MAK	Minimum alveolêre konsentrasie
MBP	Miëlien- basiese proteïen
MEK	Mitogeen- geaktiveerde proteïenkinase
MgluR	Metabotrofiese glutamaatreseptor
MRI	Magnetiese resonansbeelding
NarkoseXChirurgie	Interaksies tussen narkosetegniek en die chirurgie (ANCOVA)
NF-κB	Nukleêre faktor κB
NGF	Senuweegroefaktor
NIRS	Naby infrarooispektroskopie
NK1 tot NK10	Gekorrigeerde NSE op tydstipie 1 tot 10
NMDA	N-metiel-D-aspartaat

nNOS	Neuronale NOS
NO	Stikstofmonoksied
NO ⁺	Nitrosoniumione
NO ₃ ⁻	Peroksinitrietioon
NOS	Stikstofmonoksiedsintase
Nox	NO-vryradikaal
NPBFe	Nie-proteïengebonde yster
NSE	Neuron- spesifieke enolase
O ⁻	Superoksied
OH ⁻	Hidroksielradikaal
PaCO ₂	Arteriële CO ₂ -spanning
PaCO ₂ 2	PaCO ₂ tydens KPO
PaCO ₂ 2max	Maksimum PaCO ₂ tydens KPO
PaCO ₂ 2min	Minimum PaCO ₂ tydens KPO
PAF	Plaatjieaktiveringsfaktor
PARP	Poli-(adenosien-5'-difosforibose)-polimerase
PCO ₂ ET1	Eindgety-CO ₂ vóór KPO
PCr	Fosfokreatien
pH2	pH tydens KPO
pH2max en pH2min	Maksimum en minimum pH tydens KPO
PhE	Fenielefrien µg/kg
P _i	Anorganiese fosfaat
PIP	Fosfatidielinositolfosfaat
PKC	Proteïenkinase C
Pr	Probability to remove (ANCOVA)
PS	Piekspektrum
QEEG	Kwantitatiewe EEG
QI	Vloei-indeks tydens KPO
R ²	Korrelasiekoëffisiënt (by ANCOVA)
\hat{R}^2	Korrelasiekoëffisiënt aangepas vir steekproef-grootte
RAS	p21 ^{RAS}
RI	Perifere vaskulêre weerstandsindeks (dyne.s/cm ⁵ /m ²)
RT	Reaksietyd
RT1	Eenvoudige reaksietyd (<i>Simple reaction time</i>).
RT11 tot RT41	Reaksietye 1 tot 4 preoperatief
RT12 tot RT42	Reaksietye 1 tot 4 postoperatief
RT1Akk1 tot RT4Akk1	RT1 tot RT4 akkuraatheid preoperatief
RT1Akk2 tot RT4Akk2	RT1 tot RT4 akkuraatheid postoperatief
RT1Inv1 tot RT4Inv1	RT1 tot RT4 ongeldig preoperatief
RT1Inv2 tot RT4Inv2	RT1 tot RT4 ongeldig postoperatief
RT1Mis1 tot RT4Mis1	RT1 tot RT4 gemis preoperatief
RT1Mis2 tot RT4Mis2	RT1 tot RT4 gemis postoperatief
RT2	Komplekse reaksietyd (<i>Complex reaction time</i>)
RT3	Sekwensiële reaksietyd 1 (<i>Sequential reaction time 1</i>)
RT4	Sekwensiële reaksietyd 2 (<i>Sequential reaction time 2</i>)
RTKum1 en RTKum2	Kumulatiewe RT pre en postoperatief
S-100β	β fraksie van S-100-proteïen,
S1001 tot S10010	S-1001β op tydstippe 1 tot10
sarsiestilte (<i>burst suppression</i>)	Sarsiestilte (<i>burst suppression</i>)
SBE2	Standaardbasisoormaat tydens KPO
SBV	Serebrale bloedvloei
SCAD	Klein kapillêre en arteriolêre dilatasie
SD	Standaardafwyking
SE	Standaardfout
SICAM	Oplosbare intrasellulêre adhesiemolekule-1

SjO ₂	Jugulêre bulbus
Skool	Jare opleiding
SNN	Selektiewe neuronale nekrose
SOD	Superoksieddismutase
SSS	Sentrale senuweestelsel
SSR	Sarsie/stilte-ratio
SSV	Serebrospinale vog
SVD1 en SVD3	Sentrale veneuse druk voor en na KPO
SvO ₂	Gemengde veneuse saturasie
T1 tot T4	Temperatuur tydens Tyd1, Tyd2, Tyd3, einde van chirurgie
TNF- α	Tumornekrosefaktor- α
TNT	Gliserieltrinitraat
Tp	Perifere temperatuur (handpalm)
Ts	Kerntemperatuur (nasofarinks)
Ts-p1, Ts-p2, Ts-p3 en Ts-p4	Die verskil tussen Ts en Tp gedurende Tyd1 tot Tyd4
Tyd1 tot Tyd 3, Tydklem en Tydtotaal	Tydsduur vóór KPO, tydens KPO, klemtyd van die aorta, na KPO en totale tydsduur
U1, U1/m ² , U2, U2/m ² , U3, U3/m ² , UT, UT/m ²	Urienvolumes, volume/liggaamsoppervlakte gedurende Tyd1, Tyd2, Tyd3 en totaal per m ² liggaamsoppervlakte
UTP	Uridientrifosfaat
Vog1	Totaal vog gedurende Tyd1
VGCC	Spannings- geaktiveerde Ca ²⁺ -kanale (voltage gated/sensitive)
VSOSK	Volume- sensitiewe organiese anioonkanale
x1	Grootte van 'n preoperatiewe parameter, byvoorbeeld β 1
XDH	Xantiendehidrogenase
XO	Xantienoksidase
Xr1+3	Totale volume kristalloïed gedurende Tyd1 plus Tyd 3

HOOFSTUK 1

INLEIDING

WASHINGTON – Call it brain fog, that loss of memory and thinking ability that strikes tens of thousands of patients after open-heart surgery, and sometimes other big operations, every year...Patients suffer significant drops in mental sharpness which can last not just months but years...As surgery...has become increasingly successful, aftershocks such as a muddled brain draw more concern...Untill current drug studies are done...Dr Mark Newman, anaesthesiology chairman at Duke University...advises patients to ask their anaesthesiologists about a step believed to lower brain risk – rewarming their cooled-down bodies more slowly than usual after the operation is done. – AP.^a Hierdie berig werp lig op die probleem, naamlik die oorsaak, die impak en die hantering daarvan.

Neuropsigologiese disfunksie kom vroeg na hartchirurgie by 40%¹ tot 79% van pasiënte voor.² Dit kan wissel van beroertes in 1,5% tot 5%,^{3 4} tot subtiele neurologiese uitval. Hierdie disfunksie verbeter gelukkig sodat die voorkoms van neuropsigologiese disfunksie na 3 maande tot 6 maande na ongeveer 10%^{5 6} tot 28% verminder.⁷ Hierdie laat veranderinge word gekenmerk deur neuropsigologiese agteruitgang in die afwesigheid van diskrete infarksie of fokale neurologiese tekens. Alhoewel die manifestasies van serebrale iskemie verbygaande kan wees, kan dit lei tot persisterende afname in leervermoë en geheue, beroerte en self die dood.⁸ Die neurologiese uitkoms is nie net vir die pasiënt se lewensgehalte van belang nie, maar ook ten opsigte van die langtermynversorging en die koste daaraan verbonde.

Die neurologiese komplikasies na hartchirurgie word grotendeels aan die effekte van kardiopulmonale omleiding (KPO) toegeskrywe. Shaw *et al* het die neurologiese komplikasies na hart- en nie-hartchirurgie nagegaan. Die operasies het min of meer ewe lank geduur, die narkosetegnieke was eenders en die postoperatiewe verblyf in die intensiewesorgeenheid was dieselfde. Daar is bevind dat hartchirurgie meer dikwels en ernstiger komplikasies tot gevolg gehad het. Hierdie komplikasies kon nie met ander risikofaktore verbind word nie. Trouens, die nie-hartchirurgiepasiënte het meer risikofaktore wat betref serebrovaskulêre siekte gehad.⁹ Kilo *et al* het aangetoon dat kognitiewe funksie sewe dae na koronêrevatomleiding (KVO) betekenisvol swakker was. Hulle het met behulp van meervoudige regressieanalise aangetoon dat KPO die enigste voorspeller van 'n ongunstige kognitiewe uitkoms was; pasiënte waarvan die KVO sonder KPO uitgevoer is, se postoperatiewe kognitiewe funksie was in daardie studie beter.¹⁰

Die narkosetegniek het 'n diepgaande invloed op serebrale homeostase. Die primêre doel van algemene narkose is die daarstelling van pynlose bewussynsverlies met behoud van

^a Doctors study ways to protect memory loss after major ops. The Straits Times, Singapore: Wednesday, November 6, 2002, 18.

homeostase te midde van verstourings wat teweeggebring word deur onderliggende patologie, die chirurgie en die narkosetegniek.

Daar bestaan 'n koppeling tussen bewussynsonderdrukking en breinmetabolisme. Alhoewel die doel van die algemene narkosemiddel dié van bewussynsverlies is, is dit veral die invloed wat hierdie middels op breinmetabolisme, breinperfusie en metabolisme-perfusiekoppeling het, wat hulle die potensiaal gee om die brein te beskerm wanneer die metabolisme der mate ontwig word dat onomkeerbare skade kan intree. Daar moet egter bepaal word of die hoofbeskerende effek van narkosemiddels die van verlaagde suurstofverbruik is, en of die beskerming lê in hulle effekte op metabolisme in die algemeen en op hulle vermoë om skadelike kaskades wat op iskemie volg, te demp.


Die neuropsigologiese agteruitgang na hartchirurgie word onder andere toegeskrywe aan intraoperatiewe breiniskemie, insluitende hipotensie, embolisme en serebrale hipertermie tydens KPO, asook embolisme tydens hantering van die aorta. Breinskade kan aangetoon word deur meting van proteïene wat deur die brein vrygestel word, asook deur neurofisiologiese (kwantitatiewe elektroënsefalografie, QEEG) en neuropsigologiese evaluering (reaksietyd). Die identifisering van breinskade is nie net van diagnostiese belang nie, maar ook van prognostiese belang. Hierdie metodes moet by die mens evalueer word ten einde te bepaal of hulle aangewend kan word om breinskade tydens 'n iskemiese aanslag te beperk.

In teenstelling met die kardiaale uitkoms na KVO waar die primêre narkosetegniek nie van belang is nie,¹¹ is die invloed of veiligheid van verskillende narkose- en perfusietegnieke ten opsigte van breinskade tydens hartchirurgie nog nie opgeklaar nie. Ten spyte van vele *eksperimentele bevindinge* wat aangedui het dat daar wel narkosemiddels is wat die brein teen iskemie geïnduseerde skade beskerm, het daar van sodanige studies by die mens onder *kliniese toestande* nog weinig tereggekom.

HOOFSTUK 2

DOEL

Vergelyking van twee narkosetegnieke vir hartchirurgie tydens KPO by die mens, naamlik sufentaniel (S) en ketamien plus midasolam (MK), ten opsigte van biochemiese merkers van serebrale iskemie en van verandering in die QEEG en reaksietyd (Figuur 2.1).



Figuur 2.1: Skematiese voorstelling van patofisiologie, terapie en meting

KPO = kardiopulmonale omleiding, H = Hipotermie, K= Ketamien, NMDA = N-metiel-D-aspartaat, $\text{TNF}\alpha$ = tumornekrosefaktor α , $[\text{Ca}^{2+}]_i$ = intrasellulêre kalsiumkonsentrasie, NO = stikstofmonoksied, iNOS en nNOS = induseerbare en neuronale stikstofmonoksiedsintase, XO = xantienoksidase, NSE = Neuron- spesifieke enolase, S-100 β = β fraksie van S-100-proteïen, K ∇ = deur ketamien geïnhibeer, \downarrow = afname, \uparrow = toename

HOOFSTUK 3

LITERATUUROORSIG

Ten einde die probleem van breinskade wat op hartchirurgie volg, te ondersoek, moet daar gekyk word na die voorkoms van die probleem, die normale serebrale homeostase en die ontwrigting daarvan. Verder moet nagegaan word watter effekte narkose- en narkoseverwante middels op breinhomeostase het, en of hierdie middels van enige waarde is om die brein tydens en/of na iskemie by die mens te beskerm. In hierdie afdeling word daar 'n bondige oorsig oor die patofisiologie en modaliteite gegee wat moontlik van belang is, of kan word by breinbeskerming. Alhoewel die meeste van die middels wat hier bespreek sal word nie in hierdie studie ter sprake kom nie, word hulle nogtans behandel omdat dit lig mag werp op gebreke in die huidige stand van kennis, met spesifieke verwysing na aspekte van narkose- en KPO-tegnieke wat nog nie opgeklaar is nie. Verder word daar gepoog om aan te dui dat daar eintlik, wat kliniese navorsing betref, nog veel te doene is. Daar moet naamlik gelet word op die klemverskuiwing wat daar waarskynlik moet kom om iskemiese skade te bekamp, naamlik deur weg te beweeg vanaf narkosemiddel- en KPO- gebaseerde tegnieke [verlaging van die serebrale tempo van suurstofverbruik ($CMRO_2$)] na voorkoming en bekamping van die kaskades wat verantwoordelik is vir die besering wat tydens iskemie intree. Die verdere doel van hierdie oorsig is om aan die leser die problematiek wat by *kliniese navorsing* op hierdie gebied bestaan, uit te wys. Hopelik sal hierdie beskeie poging navorsers wys op die gebreke in die skryf van navorsingsprotokolle in hierdie navorsingsveld.

3.1 EPIDEMIOLOGIE

Die mortaliteit wat na KPO direk aan hartversaking toegeskrywe kan word, is 0,5% tot 5%.¹² Sedert die ingebruikstelling van KPO in 1954,¹³ het die insidensie van neurologiese uitval as doodsoorsaak egter toegeneem van 7,2% tot 19,6%.¹⁴ Gill en Murkin het bevind dat die insidensie van neuropsigologiese disfunksie na KPO wissel van 33% tot 83%.¹⁵ In 35% van gevalle persister die neuropsigologiese uitval vir minstens twaalf maande.¹⁶ Die insidensie van neurologiese uitval soos hemiplegie of beroerte is na hartchirurgie 2% tot 3% en styg eksponensieel na die ouderdom van 70 jaar.¹⁷ Die gunstige uitkoms van hartchirurgie mag dus benadeel word deur die postoperatiewe neurologiese of neuropsigologiese disfunksie.

Selnes *et al*¹⁸ lewer kommentaar op 'n studie deur Newman *et al*¹⁹ oor kognitiewe agteruitgang na KVO. Die aard van serebrale komplikasies na KVO wissel en sluit in neurologiese, psigiatriese en kognitiewe veranderinge, naamlik beroerte, postoperatiewe delirium, korttermyn kognitiewe en moontlik langtermyn kognitiewe verandering. Beroerte is die ernstigste komplikasie en kom in prospektiewe studies na 1,5% tot 5,2% KVO's voor. Delirium kom na 10% tot 30% van KVO's voor en mag verband hou met die narkosetegniek. Postoperatiewe delirium kom meer voor in pasiënte met 'n geskiedenis

van beroerte.²⁰ Identifisering van faktore wat op postoperatiewe beroerte mag dui, het tot dusver gefokus op kardiovaskulêrverwante faktore soos hipertensie, ouderdom, diabetes mellitus en vaskulêre siekte.

Newman *et al* het aangetoon dat laat kognitiewe verandering tot 5 jaar postoperatief voorkom. Daar is bevind dat daar by 53% van pasiënte by ontslag, by 36% na 6 weke en by 24% na 6 maande kognitiewe agteruitgang teenwoordig was; na 5 jaar het 42% onder die basislyn presteer. Daar was dus 'n trifasiese kognitiewe verandering: 'n vroeë agteruitgang, gevolg deur 'n verbetering en 'n laat agteruitgang. Hulle het 'n verband gevind tussen die vroeë en die laat verandering; pasiënte wat postoperatief geen kognitiewe agteruitgang getoon het nie, het ook na 5 jaar bo die basislyn funksioneer. Hierdie verband het gegeld selfs nadat biografiese veranderlikes soos ouderdom, onderwyspeil, basislyntelling en ander kovariate in die multiveranderlike model in aanmerking geneem is. Daar was dus 'n moontlike kousale verband tussen die laat agteruitgang en die chirurgiese prosedure.²¹

Die groot variasie in die voorkoms van neurokognitiewe uitkoms na hartchirurgie kan toegeskrywe word aan die verskillende meetmetodes, die aantal metodes wat gebruik word, die tydstip waarop die toetse uitgevoer word, die bevolking (byvoorbeeld, jonger gesonder Europeërs of ouer sieker Amerikaners) en die definisie van “betekenisvolle verandering”.²² Verder moet in gedagte gehou word dat die prestasie in van die neuropsigologiese toetse sterk beïnvloed word deur kultuur en geletterdheid.

Daar is verskeie risikofaktore wat verband hou met die voorkoms van neurologiese en neuropsigologiese uitkoms na hartchirurgie.

3.1.1 Premorbiede neurofisiologiese en –psigologiese funksie

Gugino *et al* het bevind dat pasiënte met preoperatiewe kognitiewe en QEEG-abnormaliteite, 'n groter kans het om postoperatief ook dergelike defekte te toon.²³ Newman *et al* het bevind dat daar 'n verband was tussen laat veranderinge en die onderwyspeil.²⁴ Wat onderwyspeil betref, word gepostuleer dat 'n hoër onderwyspeil “beskerm” teen kognitiewe agteruitgang omdat die onderliggende reserwe kompenseer vir die verlies.²⁵

3.1.2 Onderliggende siekte

Risikofaktore om tydens hartchirurgie beroerte op te doen, sluit in ouderdom, aterosklerose van die opstygende aorta, patologie van die karotis arteries, diabetes mellitus, hipertensie, tydsduur van KPO en perioperatiewe hipotensie. McKhann *et al* het na meervoudige logistiese regressie-analise faktore wat beroerte na koronêre vasomleiding voorspel identifiseer en sluit in: ouderdom ≥ 65 jaar ($p < 0,01$), vorige beroerte ($p < 0,001$), hipertensie ($p < 0,01$), diabetes mellitus ($p < 0,01$), 'n karotis-bruit ($p < 0,001$) en KPO-tyd ($p < 0,001$).²⁶ Die outeurs wys daarop dat hierdie risikofaktore nie in isolasie gesien moet

word nie, omdat die teenwoordigheid van die faktore mekaar se invloed onderling versterk. So, byvoorbeeld is die kans gering dat 'n sewentigjarige pasiënt sonder ander risikofaktore, beroerte sal kry. Hierdie siening word bevestig deur die retrospektiewe studie van Smith *et al* ten opsigte van neuropsigologiese uitkoms en ouderdom: enkelveranderlike-analise het ouderdom as risikofaktor uitgewys maar multiveranderlike analise kon dit nie bevestig nie,^{27 28} en Ahlgren *et al*²⁹ kon nie hipertensie as risikofaktor vir postoperatiewe beroerte na hartchirurgie bevestig nie. Diabetes is ook deur ander outeurs as onafhanklike risikofaktor vir beroerte na hartchirurgie geïdentifiseer.^{30 31}

Serebrovaskulêre siekte is 'n onafhanklike risikofaktor vir neurologiese komplikasies.³² Die faktore wat verband hou met kognitiewe agteruitgang is ondersoek in mans in die ouderdomsgroep 71 tot 93 jaar. Daar was geen verband met vorige miokardiale infarkisie en vorige KVO nie, maar wel met vorige beroerte. Die swakker uitkoms in ouer pasiënte word dus toegeskrywe aan die hoër insidensie van serebrovaskulêre siekte.³³

Die Multicenter Study of Perioperative Ischemia (McSPI) Research Group en die Ischemia Research and Education Foundation (IREF) Investigators het die faktore wat na hartchirurgie op breinbesering dui, nagegaan.³⁴ Daar is bevind dat die volgende faktore 'n betekenisvolle bydrae lewer: proksimale aorta-aterosklerose, intrakardiale vegetasie en trombi, intermitterende kruisklem van die aorta, geskiedenis van miokardiale infarkisie of infektiewe endokarditis, postoperatiewe (dag van chirurgie) kongestiewe hartversaking of miokardiale infarkisie, geskiedenis van alkoholmisbruik, perioperatiewe disritmieë, swak gekontroleerde preoperatiewe hipertensie (sistoliese bloeddruk > 145 mm Hg), en laekardiale uitwerpsindroom na KPO.

Kognitiewe disfunksie (2 SD onder die basislynfunksie) is vir tot 2 jaar na nie-kardiale chirurgie by bejaarde pasiënte aangetoon.³⁵ Dit bly egter onduidelik of een van die faktore, naamlik hantering van die aorta tydens KVO met die gevolglike emboluslading, vyf jaar later steeds bydra tot kognitiewe agteruitgang.

3.1.3 Oorerflikheidsfaktore

Die verloop van postoperatiewe kognitiewe agteruitgang kan wissel. Dit kan staties bly, verbeter of vererger. Die “laat agteruitgang” kan die gevolg wees van veroudering. Newman en Reves skryf dit ook toe aan die progressie van onderliggende siekte (byvoorbeeld Alzheimer siekte), sekondêre verlies van beskadigde weefsel as gevolg van iskemiegeprogrammeerde seldood (apoptose) of die gebrek aan neuronherstelmeganismes wat geassosieer is met apolipoproteïengenotipe.³⁶ Die teenwoordigheid van die ApoE-ε-4-alleel (ApoE4-alleel) word impliseer by die swak uitkoms na breinbesering, insluitende die herstel van neuropsigologiese funksie na hartchirurgie.³⁷

Die ApoE4-alleel is een van die algemene polimorfismes van die geen by die mens wat apolipoproteïen E (ApoE) encodeer. 'n Vergrote inflammatoriese reaksie word met die

teenwoordigheid van die ApoE4-alleel geassosieer.^{38 39} ApoE speel 'n belangrike rol in die afregulering van die sistemiese en sentrale senuweestelsel- inflammatoriese reaksie. Die inflammatoriese reaksie in die sentrale senuweestelsel gaan gepaard met die aktivering van gliaselle met die vorming van reaktiewe suurstofvryradikale, glutamaat en ander neurotoksiese bemiddelaars wat mag bydra tot breinbesering. Pasiënte met die ApoE4-alleel het tydens KPO laer vlakke van die anti-inflammatoriese interleukien-1 β -reseptorantagonis (IL-1ra). Dit lei tot 'n ongeopponeerde pro-inflammatoriese respons op KPO wat na hartchirurgie by hierdie pasiënte tot 'n swakker neurologiese uitkoms mag bydra.⁴⁰

3.2 TIPE CHIRURGIE EN PERFUSIETEGNIEK

Alhoewel verskeie onderliggende toestande tot die neurologiese en neuropsigologiese uitkoms bydra, word KPO met die gepaardgaande ontwigting van serebrale perfusie ook blameer vir die postoperatiewe neuropsigologiese disfunksie. Pasiënte wat intrakardiale chirurgie ondergaan, loop 'n hoë risiko om breinskade op te doen.⁴¹ Pasiënte wat beide KVO en klepvervanging ondergaan, se kans op breinskade is besonder hoog. (Sien ook ¶3.8)

Daar word algemeen aanvaar dat KPO bydra tot neurologiese komplikasies na hartchirurgie is. Daar is tans 'n neiging om sekere chirurgiese hartprosedures sonder KPO uit te voer. Dit is egter nie 'n uitgemaakte saak dat hierdie pasiënte 'n gunstiger neurologiese uitkoms het nie, aangesien die sogenaamde pomplose prosedures nie noodwendig embolisasie van ateroom en lug na die brein uitskakel nie, en omdat hierdie prosedures ook met betekenisvolle hemodinamiese ontwigting kan gepaardgaan. Verder is hierdie pasiënte tydens hierdie prosedures normotermies en is daar dus geen sprake van breinbeskerming nie. Die narkosetegnieke vir hierdie prosedures verskil ook, in dié sin, dat die vlak van narkose óf ligter is, óf dat kardiovaskulêre ondersteuning meer dikwels benodig word. *Chirurg- en narkotiseurkollegas wat beweer dat hulle hierdie prosedures sonder hemodinamiese labiliteit kan uitvoer, doen óf nie volledige hervaskularisasie nie, óf hulle praat nie die waarheid nie!*

3.3 DIE NARKOSETEGNIEK EN BREINSKADE

Benewens neuronskade wat die gevolg is van hipoperfusie, bestaan die moontlikheid dat narkosemiddels as sulks ook neurotoksies kan wees en derhalwe tot kognitiewe uitval kan bydra. Die moontlikheid dat narkosemiddels langtermynverandering teweeg kan bring, word in 'n oorsigartikel deur Zacny *et al* bespreek.⁴² Hulle haal werk aan wat daarop dui dat, alhoewel daar kort na chirurgie neuropsigologiese disfunksie voorkom, hierdie veranderinge binne 'n week verdwyn; dit geld vir beide jong en bejaarde pasiënte. Die werk wat aangehaal word, val egter buite die hartchirurgiescenario en is nie vergelykend nie.

Fentaniel en droperidol kan moontlik sitotoksies wees, terwyl laggas, midasolam, fenitoïen en naloksoon moontlik teen hierdie toksisiteit kan beskerm.^{43 44} Propofol kan ook die neurotoksiteit van glutamaat potensieer.⁴⁵ Ketamien gee na toediening aan rotte aanleiding tot die ontstaan van ketamienvryradikale.⁴⁶ Die effek daarvan op die brein is egter nog nie ondersoek nie.

Kofke *et al* het aangetoon dat hoë dosisse van die opioïede fentaniel, alfentaniel en sufentaniel neuron degenerasie in die limbiese sisteem van die rot veroorsaak.⁴⁷ Hulle data dui ook daarop dat temperatuur, glukose en neurotransmitters (noradrenalin en asetiëcholien) betrokke is by die opioïed-geïnduseerde neurotoksiteit. Die neurotoksiteit van opioïede word nie bemiddel deur opioïedreseptore nie, maar het moontlik te doen met dubbelbindings in die struktuur.⁴⁸

Charchaflich, Cotrell en Kass het die effek van fentaniel *in vitro* in rothippokampusnippies ondersoek. Die hippokampus is besonder gevoelig vir anoksie en is dig bevolk deur opioïedreseptore. Hulle het egter aangetoon dat fentaniel in kliniese konsentrasies nóg neurotoksies is nóg die brein beskerm teen anoksiese breinskade.⁴⁹ Die outeurs kom tot die gevolgtrekking dat dit veilig is om fentaniel te gebruik in omstandighede waar die moontlikheid van iskemie of anoksie bestaan. In teenstelling met die bevindinge van Kofke *et al*,⁵⁰ het Chio en Viseskul aangetoon dat opioïede en nie-opioïed-enantiomere (metadoon, morfien, fentaniel, kodeïen, petidien, deksstrometorfaan en naltreksoon) in kortikale selkulture NMDA-reseptore selektief nonkompetitief inhibeer en so die selle beskerm teen die neurotoksiteit van NMDA. Hierdie beskermende effek was dosisafhanklik, nie bemiddel deur konvensionele opioïedreseptore nie en is nie antagoneer deur naloksoon nie.⁵¹ Die bydrae wat die opioïede tot die kognitiewe uitkoms lewer, is dus onseker omdat die opioïede by rotte dosisafhanklik neuron degenerasie kan veroorsaak,^{52 53 54} vryradikale kan vorm,⁵⁵ die brein mag beskerm (verlaagde CMRO₂ of nonkompeterende NMDA-antagonisme)⁵⁶ óf geen blywende effek op neurone het nie.

Alhoewel daar veel studies is wat die beskermende of skadelike effek van verskeie middels by diere en selkulture aangetoon het, is daar tot dusver weinig kliniese vergelykende studies by die mens uitgevoer. Die waarde, indien enige, wat die narkosetegniek by die mens speel, moet dus opgeklar word.

3.4 HANDHAWING VAN SEREBRALE HOMEOSTASE

In hierdie afdeling word begrippe behandel wat lateraan weer ter sprake kom. Die fisiologie en patofisiologie van serebrale homeostase (§3.4) en die patofisiologie van serebrale iskemie (§3.5) word breedvoerig deur Russel en Biebuyck⁵⁷ bespreek en word onder andere aangehaal.

Die brein is verantwoordelik vir ongeveer 20% van die liggaamsuurstofverbruik.⁵⁸ Die serebrale suurstofverbruik ($CMRO_2$) kan bepaal word deur die meting van die arterio-jugulêre veneuse suurstofverskil en van die serebrale bloedvloei. Die $CMRO_2$ gee slegs 'n aanduiding van globale suurstofverbruik; die $CMRO_2$ kan dus normaal wees in die teenwoordigheid van fokale anoksie. Die normale $CMRO_2$ in volwassenes is 3,0 tot 3,5 ml/100 g/minuut ($1,3 \mu\text{mol}\cdot\text{g}^{-1}\cdot\text{minuut}^{-1}$ tot $1,6 \mu\text{mol}\cdot\text{g}^{-1}\cdot\text{minuut}^{-1}$). Dit is hoër by kinders en laer by neonate.^{59 60}

Die voorsiening van substraat aan die brein word bepaal deur die serebrale bloedvloei (SBV) en die konsentrasie van substraat in die arteriële bloed. Wat hier van kardinale belang is, is die arteriële suurstofkonsentrasie (CaO_2) en die bloedglukose. Die SBV word bepaal deur die gemiddelde arteriële bloeddruk, die serebrale vaskulêre weerstand, die viskositeit (hematokrit), intrakraniale druk, serebrale suurstofverbruik (outoregulاسie) en arteriële CO_2 -spanning ($PaCO_2$). Die $CMRO_2$ word tydens narkose (met of sonder KPO) bepaal deur die diepte van narkose en die temperatuur. Serebrale suurstoflewering (CDO_2) word op sy beurt bepaal deur SBV en CaO_2 , terwyl CaO_2 bepaal word deur PaO_2 , pH (PCO_2) en hematokrit. Die serebrale suurstofbalans word dus bepaal deur die $CMRO_2$ en CDO_2 . Al hierdie faktore beïnvloed mekaar onderling en het 'n invloed op die postoperatiewe neurologiese uitkoms.

3.4.1 Serebrale bloedvloei

Die karotissirkulasie voorsien ongeveer 80% van die brein van bloed en die vertebrobasillêre stelsel die res. Die bloedvloei deur die grysstof is ongeveer viermaal hoër as dié van die witstof.^{61 62 63} Die gemiddelde SBV by die wakker normotermiese volwasse mens is ongeveer $50 \text{ ml}\cdot 100 \text{ g}^{-1}\cdot\text{minuut}^{-1}$. Prekapillêre anastomoses kom in die brein voor, maar is onvoldoende om te kompenseer indien 'n serebrale arterie sou afsluit.⁶⁴

Die perfusie van afsonderlike breinkompartemente hou verband met die metaboliese aktiwiteit. Hierdie verband of koppeling word bewerkstellig deur die eienskap van organe, en by uitstek die brein, om hul eie bloedvloei te reguleer na gelang van die behoefte en die suurstofinhoud van die bloed. Dit staan bekend as outoregulاسie.^{65 66} By normotensiewe persone bly SBV tydens normotermie tussen gemiddelde arteriële bloeddrukke van tussen van 60 mm Hg en 150 mm Hg konstant.⁶⁷ In die teenwoordigheid van neuronskade, hetsy vanweë trauma, neoplasie, vaskulêre iskemie, retraktoriskemie of die aanwending van 'n


aneurismeklemmetjie, word outoregulasiekoppeling van metabolisme en bloedvloei versteur en word die perfusie slegs van druk afhanklik.⁶⁸

3.4.2 Serebrale energieproduksie en handhawing van energie substrate

Die brein se primêre energiebron is die aëroë metabolisme van glukose. Die volwasse brein benodig daaglik ongeveer 120 g glukose.⁶⁹ Die brein kan egter tydens uithongering ketone as substraat gebruik. Suurstof vir oksidatiewe fosforilering word voorsien deur passiewe diffusie van suurstof vanuit die bloed. Glukose word deur die brein opgeneem deur middel van spesifieke insulien- onafhanklike membraan- gebonde draers.⁷⁰ Die spesifisiteit van stowwe wat die bloed-breinskans (BBS) kruis, is by die normale brein beperk tot glukose, ketone en laktaat. Hierdie spesifisiteit word deur patologiese prosesse gewysig sodat die deurlaatbaarheid van die BBS toeneem.

ATP is essensieel vir die handhawing van selfunksie, naamlik handhawing van transmembraanioongradiënte, energie vir biosintese van onder meer neurosekretoriese verbindings en die vrystelling en heropname van oordragstowwe. Sewentig persent van die ATP word aangewend vir die handhawing van transmembraanioongradiënte. Veertig persent van die energie word gebruik vir selonderhoud en 60% vir impulsoordrag (elektrofisiologiese funksie). Aangesien glukosemetabolisme suurstof verbruik ($O_2 + \text{glukose} \rightarrow H_2O + CO_2 + \text{ATP}$), is die $CMRO_2$ en serebrale tempo van glukoseverbruik (CMRG) gekoppel, behalwe tydens hipoksie, hipoglukemie en hiperkapnie; dan weerspieël die CMRG nie die ware metaboliese tempo nie.

Intrasellulêr vind glikolise en oksidasie plaas waartydens glukose aëroë metaboliseer word tot CO_2 , water en ATP.



Die bydrae wat hemolise tot die styging in NSE lewer is verder ondersoek deur bepaling van die verhouding van die ongekorrigeerde NSE op 'n bepaalde tydstip (NSE_x) tot preoperatiewe waarde (NSE₁) (NSE_x/NSE₁). Dieselfde bepaling is vir vryhemoglobien gedoen (Hb_x/Hb₁). Daar sou verwag word dat die NSE tot dieselfde mate as vryhemoglobien sou verhoog indien al die NSE van gehemoliseerde rooibloedselle afkomstig was. Hierdie data word in Tabelle 7.7.2.4 en 7.7.2.5 en Figuur 7.7.2.2 opgesom. Uit laasgenoemde tabelle kan gesien word dat die NSE_x/NSE₁-verhouding piek by die beëindiging van KPO (tydstip 4). Verder word gesien dat die NSE_x/NSE₁-verhouding styg ten spyte van 'n daling in die Hb_x/Hb₁-verhouding. Die NSE_x/NSE₁-verhouding was oor die hele intraoperatiewe en postoperatiewe toetsperiode (tydstip 2 tot 10) betekenisvol groter as die preoperatiewe verhouding van 1,0.

Die Hb_x/Hb₁-verhouding het sy piek by 2 ure na KPO bereik (tydstip 5); dit was by die aanvang van KPO (tydstip 2) betekenisvol laer as preoperatief (moontlik as gevolg van hemoverdunning) ($p = 0,0005$); daarna het dit tot en met 4 ure na KPO (tydstip 6) gestyg


maar nie betekenisvol van die preoperatiewe verhouding verskil nie. Vanaf 10 ure tot 48 ure postoperatief (tydstippe 7 tot 10) was die Hbx/Hb1-verhouding betekenisvol laer as preoperatief.

Tabel 7.7.2.5: NSEx/NSE1 teenoor Hbx/Hb1

Tydstip	NSEx/NSE1	Hbx/Hb1	n	P
1	1,00	1,00	42	1,0000
2	1,87	0,73	42	< 0,0001
3	2,81	1,13	42	< 0,0001
4	3,01	1,20	42	< 0,0001
5	2,57	1,22	42	< 0,0001
6	2,36	0,97	42	< 0,0001
7	2,01	0,72	41	< 0,0001
8	1,80	0,73	42	< 0,0001
9	1,52	0,77	42	< 0,0001
10	1,24	0,79	41	0,0003

Tabel 7.7.2.6: Verskil (p-waarde) tussen NSEx/NSE1 en NSE1/NSE1 en tussen Hbx/Hb1 en Hb1/Hb1 by tydstippe 2 tot 10

Tydstip	NSEx/NSE1	Hbx/Hb1
1	1,0000	1,0000
2	< 0,0001	0,0005
3	< 0,0001	0,2662
4	< 0,0001	0,1680
5	< 0,0001	0,2787
6	< 0,0001	0,8334
7	< 0,0001	0,0080
8	< 0,0001	0,0010
9	< 0,0001	0,0263
10	0,0008	0,0378



Figuur 7.7.2.2: Verandering van die verhouding van die NSE en vryhemoglobien op bepaalde tydstip tot die preoperatiewe waarde, onderskeidelik NSEx/NSE1 en Hbx/Hb1. Vanaf tydstip 5 was Hbx/Hb1 < Hb1/Hb1, en vanaf tydstip 7 betekenisvol kleiner as Hb1/Hb1 ($p < 0,05$).

Aangesien vryhemoglobien veel vinniger as NSE ogeruim word, mag dit wees dat die NSE ($t_{1/2}$ ongeveer 20 uur) langer as vryhemoglobien verhoog sal bly. Alhoewel hemolise dus vir seker 'n bydrae tot die styging in NSE maak, is die grootste fraksie waarskynlik van nie-hemolisebronne afkomstig.

7.7.3 Uitkoms volgens die chemiese merkers

Wanneer die bevindinge van Georgiadis *et al* ten opsigte van die styging in S-100 β en NSE en die verband met neurologiese uitkoms na hartchirurgie hier toegepas word, kan die pasiënte verdeel word in dié met 'n goeie en dié met 'n ongunstige uitkoms. Bogenoemde navorsers het naamlik bevind dat 86% van pasiënte wat op die dag van operasie (volgens hulle, die eerste postoperatiewe dag) 'n NSE-vlak van minder as 20 $\mu\text{g.l}^{-1}$ en 97,4% van pasiënte wat 'n S-100 β -vlak van minder as 1,1 $\mu\text{g.l}^{-1}$ gehad het, geen neurologiese komplikasies getoon het nie.⁸³¹ In die huidige studie is die hoogste vlakke van die merkers teen die einde van KPO bereik (NK4 en S1004). Volgens die NSE-kriterium ($\text{NK} \geq 20 \mu\text{g.l}^{-1}$) het 3/21 (14,8%) van MK en 3/21 (14,8%) van S ($p = 1,0000$; Fisher se eksakte toets) en 1/21 (4,8%) van KVO en 5/21 (23,8%) van KV ($p = 0,1840$; Fisher se eksakte toets) 'n gekompliseerde neurologiese uitkoms gehad. Volgens die S-100 β -styging het 9/21 (42,9%) van MK en 17/21 (81,0%) van S ($p = 0,0250$; Fisher se eksakte toets) en 14/21 (66,7%) van KVO en 12/21 (57,1%) van KV ($p = 0,7510$; Fisher se eksakte toets) 'n gekompliseerde neurologiese uitkoms gehad. Oor groepe het 6/42 (14,8%) volgens die NSE-styging, en 26/42 (61,9%) volgens die S-100 β -verhoging dus 'n swak uitkoms gehad.

7.7.4 Die sensitiviteit en spesifisiteit van reaksietyd ten opsigte van die QEEG en chemiese merkeruitkoms

Die sensitiviteit en spesifisiteit van QEEG-uitkoms om reaksietyduitskoms (agteruitgang van $> 1 \geq 10\%$) te voorspel was die beste, naamlik onderskeidelik 67,21% en 64,52%. Die S-100 β -uitkoms (S100Max eerste 24 uur $> 1,1 \mu\text{g.l}^{-1}$) en NSE-uitkoms (NKMax eerste 24 uur $> 20 \mu\text{g.l}^{-1}$) was minder sensitief en spesifiek om die reaksietyduitskoms te voorspel (Tabel 7.7.4).

Tabel 7.7.4: Sensitiviteit en spesifisiteit van QEEG-uitkoms en chemiese merkers om reaksietyduitskoms te voorspel

		QEEG-uitkoms	S100Max	NKMax
RT-uitkoms ($> 1 \geq 10\%$)	Sensitiviteit	67,21%	62,01%	53,59%
	Spesifisiteit	64,52	59,33%	55,32%
QEEG-uitkoms ($> 1 \geq 20\%$)	Sensitiviteit		61,5%	71,4%
	Spesifisiteit		31,3%	37,1%

Die enigste chemiese parameter waar daar 'n betekenisvolle verskil tussen operasie en narkosetegniek gevind is, was S-100 β -proteïen: Volgens die maksimum styging S-100 β op die eerste postoperatiewe dag, het MK 'n beter uitkoms as S gehad, maar het nie beduidend by KVO en KV verskil nie. S-100 β was by 30 ure en 48 ure by KVO statistiese betekenisvol hoër as by KV, maar die vlakke was binne normale perke en nie klinies van belang nie.

Die NSE-styging het dus nie tussen MK en S verskil nie, terwyl NSE by 4ure tot 30 ure na KPO betekenisvol hoër by KV as KVO was. Volgens die maksimum styging in NK op die eerste postoperatiewe dag, was die uitkoms by MK en S dieselfde, en het ook nie betekenisvol tussen KVO en KV verskil nie.

7.8 Korrelasies tussen verklarende en uitkomsveranderlikes

Daar was 'n positiewe korrelasie tussen ouderdom en $\Delta\alpha/\theta\%$. Ouderdom het negatief gekorreleer met die uitkoms by die eenvoudige reaksietye ($\Delta RT1\%$, $\Delta Akk1\%$ en $\Delta Akk2\%$) maar met geeneen van die chemiese merkers nie. Die jare opleiding het ook gekorreleer met 'n beter $\Delta\alpha\%$ en $\Delta\alpha/\theta\%$. Die liggaamsgrootte (LMI) het met geen uitkomsveranderlike gekorreleer nie (Tabel 7.8.1).

Tabel 7.8.1: Korrelasies tussen die biografiese en uitkomsveranderlikes

Parameter 1	Parameter 2	ρ	p-waarde
Ouderdom	$\Delta\alpha/\theta\%$	0,3853	0,0117
Ouderdom	$\Delta RT_{Kum}\%$	-0,3620	0,0300
Ouderdom	$\Delta RT1\%$	-0,4530	0,0055
Ouderdom	$\Delta Akk1\%$	-0,3426	0,0408
Ouderdom	$\Delta RT2\%$	-0,3357	0,0453
Opleiding (jaar)	$\Delta\alpha\%$	0,3188	0,0396
Opleiding (jaar)	$\Delta\alpha/\theta\%$	0,3720	0,0153

Die sufentaniëldosis het gekorreleer met 'n swakker $\Delta RT4\%$ en $\Delta F\%$, terwyl die ketamiëndosis gekorreleer het met 'n beter $\Delta RT4\%$. Die gebruik van isofluraan het gekorreleer met 'n beter $\Delta\beta\%$ en $\Delta\theta\%$ en $\Delta\alpha/\theta\%$. Die gebruik van isofluraan het positief gekorreleer met 'n verhoging van S-100 β 10 ure (S1007) en 20 ure na KPO (S1008) maar negatief korreleer met die NSE 48 uur na KPO (NK10) (Tabel 7.8.2).

Tabel 7.8.2: Korrelasies tussen die narkosetegniek en uitkomsveranderlikes

Parameter 1	Parameter 2	ρ	p
Sufentaniëldosis	$\Delta F\%$	-0,3892	0,0190
Sufentaniëldosis	$\Delta RT4\%$	-0,3765	0,0403
Ketamiëndosis	$\Delta RT4\%$	0,4254	0,0191
Isofluraandosis (Iso%min)	$\Delta\beta\%$	0,5278	0,0003
Isofluraandosis (Iso%min)	$\Delta\theta\%$	0,3877	0,0112
Isofluraandosis (Iso%min)	$\Delta\alpha/\theta\%$	0,3042	0,0502*
Isofluraandosis (Iso%min)	NK10	-0,3398	0,0277
Isofluraandosis (Iso%min)	S1007	0,3132	0,0343
Isofluraandosis (Iso%min)	S1008	0,4236	0,0052
Isofluraan tydens KPO (Iso2%min)	$\Delta\beta\%$	0,4434	0,0033
Isofluraan tydens KPO (Iso2%min)	$\Delta\theta\%$	0,3982	0,0090
Isofluraan tydens KPO (Iso2%min)	S1008	0,3301	0,0328

Die aantal omleidings tydens KVO het positief gekorreleer met die QEEG-uitkoms, maar KV (aantal omleidings = 0) met agteruitgang in die QEEG. Die aantal omleidings het negatief gekorreleer met die styging in NSE 10 ure (NK7) en 20 ure na KPO (NK8), sowel as net die AOK van NSE. Dit was net by die eenvoudige reaksietyd ($\Delta RT1\%$) waar KV 'n beter uitkoms gehad het. Oor die algemeen was die uitkoms na KVO dus beter as na KV (Tabel 7.8.3).

Tabel 7.8.3: Korrelasies tussen die tipe operasie (aantal omleidings by KV = 0) en die uitkomsveranderlikes

Parameter1	Parameter 2	ρ	p
Omleidings	$\Delta\alpha\%$	0,2960	0,0570*
Omleidings	$\Delta\delta\%$	0,3655	0,0173
Omleidings	$\Delta\theta\%$	0,4026	0,0082
Omleidings	$\Delta\alpha/\theta$	0,4265	0,0049
Omleidings	$\Delta PS\%$	0,4226	0,0074
Omleidings	$\Delta RT1\%$	-0,3949	0,0172
Omleidings	NK7	-0,3800	0,0131
Omleidings	NK8	-0,3131	0,0435
Omleidings	AOKNK	-0,3287	0,0336

'n Hoër preoperatiewe bloeddruk is geassosieer met 'n beter QEEG-uitkoms (α , α/θ en AAI). 'n Hoër bloeddruk vóór KPO (BP1) het gekorreleer met beter $\Delta\theta\%$, terwyl die verandering in bloeddruk voor KPO ($\Delta BP1\%$) negatief gekorreleer het met $\Delta\delta\%$. 'n Hoër $\Delta BP1\%$ het positief gekorreleer met die akkuraatheiduitkoms by RT3 ($\Delta Akk3\%$) en met hoër S-100 β -vlakke 10 ure (S1007) en 20 ure na KPO (S1008). 'n Hoër bloeddruk tydens KPO (BP2) het gekorreleer met 'n hoër NSE 20 ure na KPO (NK8) en S-100 β 48 ure na KPO (S10010). 'n Meer positiewe bloeddrukverandering tydens KPO ($\Delta BP2\%$) het gekorreleer met 'n swakker $\Delta\delta\%$ en 'n hoër S1007 (Tabel 7.8.4). Hoër vloeie (QI) het negatief gekorreleer met die AOKNK. 'n Hoër bloeddruk (BP3) en bloeddrukverandering na KPO ($\Delta BP3\%$) het gekorreleer met 'n laer S-100 β 4 ure na KPO (S1006), 'n beter $\Delta Akk3\%$, maar met 'n swakker QEEG-uitkoms (β , δ en α/θ). 'n Meer positiewe bloeddrukverandering vóór, tydens en ná KPO is dus geassosieer met 'n swakker QEEG-uitkoms en hoër S-100 β -vlakke, maar met 'n beter uitkoms by $\Delta Akk3\%$.

Daar moet op gelet word dat daar betekenisvolle verskille ten opsigte van die bloeddrukke tussen KV, KVO, MK en S was: BP1 was betekenisvol en $\Delta BP1\%$ was marginaal nie-betekenisvol hoër by MK as S ($p = 0,0573$; Wilcoxon) (Tabel 7.4.1), $\Delta BP2\%$ was marginaal nie-betekenisvol ($p = 0,0729$) meer negatief by KVO as by KV (Tabel 7.4.4), BP3 was betekenisvol hoër by MK as S (Tabel 7.4.5) en $\Delta BP3\%$ was marginaal nie-betekenisvol meer negatief by KVO as KV ($p = 0,0525$; Wilcoxon) (Tabel 7.4.6). Daar was dus meestal relatief hoër bloeddrukke by MK as S en relatief laer bloeddrukke by KVO as KV. Die tydsduur van operasies het nie tussen MK en S verskil nie maar Tyd1 en Tyd2 was betekenisvol langer by KVO (Tabelle 7.2.1 en 7.2.2). Die bevinding dat KVO en MK meestal, met enkele uitsonderings, beter as KV (RT1 swakker by KVO) en S gedoen het, kan miskien hierdie onverwagse korrelasies tussen uitkoms, BP en $\Delta BP\%$ verklar (beter uitkoms met meer negatiewe $\Delta BP\%$). Die invloed van hierdie kovariate op die uitkoms word later met behulp van ANCOVA ondersoek.

Daar was slegs marginaal nie-betekenisvolle negatiewe korrelasies tussen uitkoms en die gebruik van adrenalinen. Die gebruik van TNT het gekorreleer met laer S-100 β -vlakke na

10 ure (S1007) en 20 ure na KPO (S1008). Die dosis fenielefrien tydens KPO (PhE) het gepaard gegaan met 'n daling in NSE 20 ure na KPO (NK8), NKMax en AOKNK. Die toediening van MgSO₄ het positief gekorreleer met die styging van NK7, NK8 en AOKNK, sowel as met stygings in S100Max en AOKS100. Dit het nie betekenisvol gekorreleer met enige van die QEEG- of RT-veranderings nie (Tabel 7.8.4). Die dosis MgSO₄ was egter hoër by KV as by KVO (Tabel 7.3.2) en die bydraes van hierdie veranderlikes is met behulp van ANCOVA ondersoek (§7.9, Bylae A).

Tabel 7.8.4: Korrelasies tussen hemodinamiese veranderlikes, adrenalien, fenielefrien, TNT en uitkomsveranderlikes

Parameter 1	Parameter 2	ρ	p
BP0	$\Delta\alpha\%$	0,3670	0,0168
BP0	$\Delta\alpha/\theta\%$	0,3538	0,0215
BP0	$\Delta\text{AAI}\%$	0,3024	0,0516*
BP1	$\Delta\theta\%$	0,3081	0,0472
$\Delta\text{BP1}\%$	$\Delta\delta\%$	-0,3801	0,0130
$\Delta\text{BP1}\%$	$\Delta\text{Akk}3\%$	0,3481	0,0471
$\Delta\text{BP1}\%$	S1007	0,3005	0,0532*
$\Delta\text{BP1}\%$	S1008	0,3201	0,0388
BP2	NK8	0,3474	0,0242
BP2	S10010	0,3096	0,0460
$\Delta\text{BP2}\%$	$\Delta\delta\%$	-0,3870	0,0113
$\Delta\text{BP2}\%$	S1007	0,3370	0,0291
QI	AOKNK	-0,3108	0,3108
BP3	S1006	-0,3449	0,0253
$\Delta\text{BP3}\%$	$\Delta\beta\%$	-0,3066	0,0483
$\Delta\text{BP3}\%$	$\Delta\delta\%$	-0,4224	0,0053
$\Delta\text{BP3}\%$	$\Delta\alpha/\theta\%$	-0,3081	0,0471
$\Delta\text{BP3}\%$	$\Delta\text{Akk}3\%$	0,3478	0,0474
PhE	$\Delta\text{AAI}\%$	-0,3213	0,0382
PhE	NK8	-0,3184	0,0399
PhE	NKMax	-0,3858	0,0116
PhE	AOKNK	-0,3190	0,0395
Adrenaliendosis	$\Delta\text{Akk}3\%$	-0,3337	0,0577*
Adrenaliendosis	NK10	0,2811	0,0713*
TNT	S1007	-0,5814	0,0001
TNT	S1008	-0,5201	0,0004
MgSO ₄	NK7	0,3274	0,0343
MgSO ₄	NK8	0,3674	0,0167
MgSO ₄	AOKNK	0,3654	0,0173
MgSO ₄	S100Max	0,3221	0,0375
MgSO ₄	AOKS100	0,3441	0,0257

Geeneen van die uitkomsparameters het met die sentrale temperatuur vóór KPO (T1) gekorreleer nie. Die sentrale temperatuur, op enige stadium van die operasie, het nie betekenisvol met enigeen van die QEEG- of RT-uitkomsparameters gekorreleer nie. Die Ts-p voor KPO (Ts-p1) het negatief gekorreleer met $\Delta\text{Akk}4\%$, terwyl Ts-p tydens KPO (Ts-p2) ook negatief gekorreleer het met reaksietydveranderinge ($\Delta\text{RT}2\%$ en $\Delta\text{Akk}4\%$). Ts-p teen die einde van chirurgie (Ts-p4) het ook negatief gekorreleer met $\Delta\text{Akk}2\%$. Die temperatuur tydens KPO (T2), Ts-p2, die temperatuur na KPO (T3), sowel as die temperatuur teen die einde van chirurgie (T4) het negatief gekorreleer met die styging in S-100 β -vlakke vanaf voltooiing van opwarming tydens KPO (T3) tot 20 ure na KPO (S1008),

S100Max en/of AOKS100. Dus, klein Ts-p-waardes is geassosieer met 'n beter RT-uitkoms, terwyl laer temperature en Ts-p-waardes gekorreleer het met hoër S-100 β -vlakke (Tabel 7.8.5).

Tabel 7.8.5: Korrelasie tussen temperatuur en uitkomsveranderlikes

Parameter 1	Parameter 2	ρ	p
Ts-p1	Δ Akk4%	-0,4419	0,0145
T2	S1003	-0,3123	0,0441
T2	S1004	-0,4899	0,0010
T2	S1005	-0,3364	0,0294
T2	S1007	-0,4051	0,0078
T2	S1008	-0,3294	0,0331
T2	S100Max	-0,3971	0,0092
T2	AOKS100	-0,3915	0,0104
Ts-p2	Δ RT2%	-0,3471	0,0381
Ts-p2	Δ Akk4%	-0,3949	0,0308
Ts-p2	S1003	-0,2998	0,0538
Ts-p2	S1004	-0,2947	0,0581*
Ts-p2	S1005	-0,2993	0,0542*
Ts-p2	S100Max	-0,3234	0,0367*
T3	S1004	-0,3444	0,0255
T4	S1004	-0,3635	0,0180
Ts-p4	Δ Akk2%	-0,3411	0,0417

Die verband tussen die verskillende operasietye en uitkoms is nagegaan. Daar was 'n *positiewe* korrelasie tussen operasietyd en verandering in van die QEEG-parameters, $\Delta\beta\%$ en Δ PS%. Die NSE vanaf die einde van KPO (NK4) tot 30 ure na KPO (NK9) en die AOKNK het *negatief* gekorreleer met totale operasietyd. Langer operasietye het gekorreleer met stygings in S-100 β vanaf opwarming (S1003) tot 30 ure na KPO (S1009), S100Max en die AOKS100.

Aangesien operasietye betekenisvol langer by KVO as KV was, maar KVO by bykans al die QEEG-parameters en die veranderinge in NSE beter as die KV gedoen het (Tabelle 7.6.1.2 en 7.7.2), is hierdie onderskeidelik positiewe en negatiewe korrelasie met operasietye, moontlik tot 'n betekenisvolle mate terug te voere na die *tipe operasie* eerder as die operasietye. Die verband tussen uitkoms en operasietye word verder by analise van kovariansie ondersoek (§7.9).

Tabel 7.8.6: Korrelasies tussen operasietye en uitkomsveranderlikes

Parameter 1	Parameter 2	ρ	p
Tyd1	$\Delta\beta\%$	0,3690	0,0162
Tyd1	ΔPS	0,3134	0,0521*
Tyd1	$\Delta RT\%$	-0,3338	0,0466
Tyd1	S1009	0,3716	0,0154
Tyd2	S1003	0,3770	0,0138
Tyd2	S1004	0,3367	0,0292
Tyd2	S100Max	0,4411	0,0035
Tydklem	S1003	0,3225	0,0373
Tydklem	S1004	0,3654	0,0173
Tydklem	S1007	0,3383	0,0284
Tydklem	S100Max	0,4411	0,0035
Tydklem	AOKS100	0,3597	0,0193
Tyd3	S1004	0,3417	0,0268
Tydtotaal	$\Delta\beta\%$	0,3984	0,0090
Tydtotaal	NK6	-0,3102	0,0456
Tydtotaal	NK7	-0,3253	0,3257
Tydtotaal	NK8	-0,3462	0,0247
Tydtotaal	NK9	-0,3110	0,0405
Tydtotaal	AOKNK	-0,3476	0,0241
Tydtotaal	S1003	0,3335	0,0309
Tydtotaal	S1004	0,3108	0,0451
Tydtotaal	S1009	0,3418	0,0267
Tydtotaal	S100Max	0,4387	0,0037

Die verband tussen uitkoms en metabiese veranderlikes is ondersoek (Tabel 7.8.7). Hoër pH's, hoër basisoormate en laer PaCO₂'s tydens KPO het met hoër NSE-vlakke 20 ure (NK8) en 30 ure na KPO (NK9), sowel as met die AOKNK gekorreleer. Dit kom dus voor of 'n alkalose die uitkoms benadeel het. Die hematokrit tydens KPO en die glukosekonsentrasies tydens KPO het in hierdie studie met geeneen van die uitkomsveranderlikes gekorreleer nie. Geeneen van die metabiese veranderlikes het met S-100 β -vlakke, of enigeen van die QEEG- of RT-uitkomsparameters korreleer nie.

Tabel 7.8.7: Korrelasies tussen metabiese veranderlikes en uitkomsveranderlikes

Parameter 1	Parameter2	ρ	p
pH2	NK8	0,3834	0,0121
pH2	NK9	0,4303	0,0044
pH2	AOKNK	0,3256	0,0354
pH2max	NK8	0,4426	0,0033
pH2max	NK9	0,4835	0,0012
pH2max	NK10	0,3398	0,0277
pH2max	AOKNK	0,3903	0,0106
SBE2	NK8	0,5164	0,0005
SBE2	NK9	0,3668	0,0169
SBE2	AOKNK	0,3798	0,0131
PaCO ₂ 2	NK9	-0,3682	0,0164
PaCO ₂ 2min	NK8	-0,2939	0,0589*
PaCO ₂ 2min	NK9	-0,3967	0,0093

In tabel 7.8.8 word die korrelasies tussen verskillende uitkomsveranderlikes opgesom. Die enigste korrelasie tussen RT- en QEEG-parameterverandering, was tussen $\Delta\beta\%$ en $\Delta RT2\%$. 'n Styging in NSE gedurende (NK3 en NK4), 20 ure (NK8) en 48 ure na KPO (NK10), sowel as NKMax en AOKNK het *positief* met $\Delta Akk\%2$ en $\Delta Akk\%4$ gekorreleer. Hierteenoor het NSE gedurende KPO (NK2, NK3) *negatief* gekorreleer met $\Delta Akk\%1$ en $\Delta RT2\%$. Die verhouding tussen 'n styging in NSE en die reaksietydparameters is dus onseker. 'n Styging in NSE vanaf 2 ure (NK5) tot 10 ure na KPO (NK7) en NKMax het gekorreleer met 'n swakker QEEG-uitkoms. 'n Hoër S-100 β 2 ure (S1005) en 10 ure na KPO (S1007) het egter gekorreleer met 'n beter postoperatiewe $\Delta RT1\%$, $\Delta RT2\%$, $\Delta RT3\%$ en $\Delta RTKum\%$.

Die uitkoms van die totale reaksietyd ($\Delta RTKum\%$) het positief gekorreleer met die uitkoms van die totale akkuraatheid ($\Delta F\%$). Ten spyte van die swak korrelasie tussen individuele QEEG- en RT-uitkomstes, het 'n swak QEEG-uitkoms (minstens 2 parameters wat met minstens 10% verswak), 'n swak RT-uitkoms met 'n sensitiwiteit en spesifisiteit van ongeveer 66% voorspel (sien Tabel 7.7.4).

NSE en S-100 β het nie intraoperatief gekorreleer nie. Daar was 'n *negatiewe* korrelasie tussen die styging in vroeëre NSE (NK3, NK5 en NK6) en latere S-100 β (S1007 en S1008), en tussen vroeëre S-100 β (S1002 en S1003) en latere NSE (NK10). 'n Hoër vroeëre S100 β het dus gepaard gegaan met 'n laer latere NSE, en 'n laer vroeëre S-100 β is geassosieer met 'n hoër latere NSE.

Dus, hoër NSE-vlakke het gekorreleer met 'n swakker QEEG-uitkoms. Behalwe vir die negatiewe korrelasie tussen S1006 en $\Delta\alpha\%$ en tussen S1002 en $\Delta Akk\%1$, het hoër S-100 β -vlakke met 'n beter QEEG- en RT-uitkoms gekorreleer, en was daar 'n omgekeerde verband, beide in tyd en konsentrasie, tussen NSE- en S-100 β -vlakke.

Aangesien die eenvoudige reaksietydverandering by KV beter was as by KVO (Tabel 7.6.2.2), en beide die QEEG- en NSE-uitkoms swakker was by KV as by KVO (Tabelle 7.7.1.2 en 7.6.1.2), sal die verwantskap tussen hierdie veranderlikes met behulp van ANCOVA ondersoek word (§7.9. Bylae A).

Tabel 7.8.8: Korrelasies tussen uitkomsveranderlikes: QEEG, reaksietye, S-100 β en NSE

Parameter 1	Parameter 2	ρ	P
$\Delta RT2\%$	$\Delta\beta\%$	0,3347	0,0461
$\Delta F\%$	$\Delta RTKum\%$	0,6236	< 0,0001
NK2	$\Delta Akk1\%$	-0,3574	0,0323
NK2	$\Delta RT2\%$	-0,3716	0,0256
NK3	$\Delta RT2\%$	-0,3729	0,0251
NK3	$\Delta Akk2\%$	0,3635	0,0293
NK4	$\Delta Akk1\%$	-0,3608	0,0306
NK4	$\Delta Akk2\%$	0,4252	0,0097
NK5	$\Delta PS\%$	-0,3064	0,0578*
NK6	$\Delta\beta\%$	-0,3230	0,0369
NK6	$\Delta PS\%$	-0,4765	0,0022
NK7	$\Delta\delta\%$	-0,3456	0,0250
NK7	$\Delta PS\%$	-0,4547	0,0036
NK8	$\Delta Akk2\%$	0,4858	0,0027
NK10	$\Delta Akk4\%$	-0,3817	0,0375
NKMax	$\Delta\beta\%$	-0,3519	0,0233
NKMax	$\Delta Akk2\%$	0,4071	0,0137
AOKNK	$\Delta Akk2\%$	0,4427	0,0069
AOKNK	$\Delta\delta\%$	-0,4127	0,0066
AOKNK	$\Delta PS\%$	-0,3749	0,0184
S1002	$\Delta Akk1\%$	-0,3606	0,0307
S1005	$\Delta RTKum\%$	0,3318	0,0480
S1005	$\Delta RT2\%$	0,3564	0,0329
S1005	$\Delta RT3\%$	0,3773	0,0304
S1006	$\Delta\alpha\%$	-0,3538	0,0215
S1007	$\Delta RT1\%$	0,3331	0,0471
S1007	$\Delta RT2\%$	0,3313	0,0484
NK3	S1007	-0,3900	0,0107
NK3	S1008	-0,3370	0,0291
NK5	S1007	-0,3301	0,0328
NK5	S1008	-0,3542	0,0214
NK6	S1008	-0,3347	0,0302
NK10	S1002	-0,3985	0,0089
NK10	S1003	-0,3117	0,0445
NK10	S1009	-0,4559	0,0024
NK10	S10010	-0,4630	0,0020

Die korrelasies tussen die preoperatiewe funksie (x_1) en postoperatiewe verandering ($\Delta x\%$, chemiese merkers) is vervolgens nagegaan (Tabel 7.8.9). Daar was 'n positiewe korrelasie tussen die preoperatiewe β (β_1) met $\Delta\alpha\%$, $\Delta\alpha/\theta\%$ en $\Delta AAI\%$ maar 'n negatiewe korrelasie met $\Delta RT2\%$. β_1 het ook positief gekorreleer met NSE na opwarming (NK3). Die preoperatiewe α (α_1) het gekorreleer met 'n swakker $\Delta\alpha\%$, $\Delta\alpha/\theta\%$ en $\Delta AAI\%$, maar met 'n beter $\Delta RT2\%$. Die θ_1 het negatief gekorreleer met $\Delta\alpha\%$. Die α/θ_1 het negatief gekorreleer met $\Delta\theta\%$ en $\Delta AAI\%$. δ_1 het positief gekorreleer met $\Delta\delta\%$, $\Delta\theta\%$ en $\Delta AAI\%$. Die preoperatiewe AAI het, soos preoperatiewe α , ook negatief gekorreleer met $\Delta\alpha\%$ en $\Delta\alpha/\theta\%$. 'n Hoër preoperatiewe piekspektrum (PS1) het gekorreleer met 'n beter $\Delta Akk1\%$ maar swakker $\Delta Akk2\%$. Langer preoperatiewe reaksietye en laer akkuraatheid het korreleer met 'n swakker QEEG-uitkoms.

Tabel 7.8.9: Korrelasies tussen preoperatiewe funksie en postoperatiewe verandering

Preoperatief	Verandering	ρ	p
β_1	$\Delta\alpha\%$	0,6029	<0,0001
β_1	$\Delta\alpha/\theta\%$	0,5501	0,0002
β_1	$\Delta\text{AAI}\%$	0,5242	0,0004
β_1	$\Delta\text{RT}2\%$	-0,4677	0,0040
β_1	NK3	0,3240	0,0363
β_1	NKMax	0,3195	0,0392
β_1	S1003	-0,3701	0,0158
β_1	S1006	-0,3650	0,0175
β_1	S1007	-0,3460	0,0248
β_1	S100Max	-0,3764	0,0140
β_1	AOKS100	-0,3115	0,0446
α_1	$\Delta\alpha\%$	-0,4185	0,0058
α_1	$\Delta\theta\%$	-0,4284	0,0046
α_1	$\Delta\alpha/\theta\%$	-0,4595	0,0022
α_1	$\Delta\text{AAI}\%$	-0,6646	< 0,0001
α_1	$\Delta\text{RT}2\%$	0,3288	0,0502*
α_1	NKMax	-0,2941	0,0581*
α_1	S1006	0,3450	0,0252
θ_1	$\Delta\alpha\%$	-0,3167	0,0410
α/θ_1	$\Delta\theta\%$	-0,3861	0,0116
α/θ_1	$\Delta\text{AAI}\%$	-0,4744	0,0015
δ_1	$\Delta\delta\%$	0,4464	0,0030
δ_1	$\Delta\theta\%$	0,3662	0,0171
δ_1	$\Delta\text{AAI}\%$	0,5677	0,0001
δ_1	S1006	-0,3440	0,0257
AA11	$\Delta\alpha\%$	-0,3197	0,0391
AA11	$\Delta\alpha/\theta\%$	-0,3529	0,0219
AA11	S1006	0,3310	0,0323
PS1	$\Delta\text{Akk}1\%$	0,3613	0,0304
PS1	$\Delta\text{Akk}2\%$	-0,3773	0,0233
PS1	S1003	-0,4049	0,0087
PS1	S100Max	-0,3599	0,0225

Die totale aantal preoperatiewe foute (100-RtxAkk1, F1) en die van die reaksietye (RT11 tot RT41) gedurende die preoperatiewe reaksietydoetsing het onderskeidelik positief en negatief gekorreleer met die NSE vanaf die aanvang van KPO (NK2) tot 30 ure na KPO (NK9), NKMax en AOKNK. Die aantal preoperatiewe foute (100-RT4Akk1 en F1) het negatief gekorreleer met onderskeidelik S-100 β na opwarming en 20 ure na KPO (S1008). Verder het 'n hoër preoperatiewe S-100 β (S1001) gekorreleer met 'n langer reaksietyd by RT4 ($\Delta\text{RT}4\%$).

Hoe laer die preoperatiewe akkuraatheid (RTAkkx1), hoe beter was die postoperatiewe akkuraatheid ($\Delta\text{Akkx}\%$) en reaksietye ($\Delta\text{RTx}\%$). Die korrelasie tussen preoperatiewe reaksietyd (RTx1) en die akkuraatheidsuitkoms ($\Delta\text{Akkx}\%$) was onduidelik; by die 4 korrelasies wat voorgekom het, was daar eweveel negatiewe en positiewe korrelasies. 'n Hoër preoperatiewe akkuraatheid en 'n korter reaksietyd korreleer met 'n beter QEEG-uitkoms ($\Delta\beta\%$, $\Delta\alpha\%$, $\Delta\delta\%$).

Tabel 7.8.9: Korrelasies tussen preoperatiewe funksie en postoperatiewe verandering
(vervolg)

Preoperatief	Verandering	ρ	P
F1	$\Delta\beta\%$	-0,3765	0,0236
F1	S1008	-0,3366	0,0447
F1	NK2	0,3839	0,0210
F1	NK3	0,5464	0,0006
F1	NK4	0,4630	0,0045
F1	NK5	0,5525	0,0005
F1	NK6	0,6054	0,0001
F1	NK7	0,4698	0,0038
F1	NK9	0,3326	0,0475
F1	NKMax	0,5582	0,0004
F1	AOKNK	0,4839	0,0028
RT11	$\Delta\text{Akk}1\%$	-0,3695	0,0265
RT11	NK7	0,3835	0,0209
RT11	NK8	0,4581	0,0050
RT11	AOKNK	0,3890	0,0190
RT1Akk1	$\Delta\text{Akk}1\%$	-0,7605	< 0,0001
RT1Akk1	$\Delta\text{RT}2\%$	-0,3544	0,0340
RT21	$\Delta\text{Akk}2\%$	0,4107	0,0128
RT2Akk1	$\Delta\text{Akk}2\%$	-0,7766	< 0,0001
RT2Akk1	NK4	-0,4044	0,0141
RT2Akk1	NK5	-0,3475	0,0378
RT2Akk1	NK8	-0,3382	0,0437
RT2Akk1	NKMax	-0,3345	0,0462
RT31	$\Delta\alpha\%$	-0,3637	0,0375
RT31	$\Delta\text{Akk}2\%$	0,4323	0,0120
RT31	NK6	0,3908	0,0245
RT3Akk1	$\Delta\text{Akk}3\%$	-0,3688	0,0347
RT3Akk1	$\Delta\delta\%$	0,4527	0,0082
RT41	$\Delta\text{Akk}1\%$	-0,3954	0,0306
RT41	$\Delta\text{Akk}2\%$	0,4597	0,0106
RT41	$\Delta\beta\%$	-0,3772	0,0399
RT41	NK2	0,4496	0,0127
RT41	NK3	0,5212	0,0031
RT41	NK4	0,5250	0,0029
RT41	NK5	0,3777	0,0396
RT41	NK6	0,5761	0,0009
RT41	NKMax	0,5621	0,0012
RT41	AOKNK	0,3649	0,0474
RT4Akk1	$\Delta\text{Akk}3\%$	0,3766	0,0402
RT4Akk1	NK2	-0,3896	0,0333
RT4Akk1	NK3	-0,5106	0,0039
RT4Akk1	NK4	-0,4284	0,0182
RT4Akk1	NK5	-0,4161	0,0222
RT4Akk1	NK6	-0,4989	0,0050
RT4Akk1	NK7	-0,3699	0,0442
RT4Akk1	NKMax	-0,5484	0,0017
RT4Akk1	S1003	-0,3618	0,0495
S1001	$\Delta\text{RT}4\%$	-0,4118	0,0238

Die volgende korrelasies is dus tussen pre-en intra- en postoperatiewe parameteruitkomst gevind:

'n Hoër preoperatiewe β en θ het gekorreleer met 'n beter QEEG-uitkoms. 'n Hoër preoperatiewe α , θ , α/θ en AAI het gekorreleer met 'n swakker QEEG-uitkoms.

'n Hoër preoperatiewe β maar 'n laer α en PS het gekorreleer met swakker postoperatiewe reaksietye ($\Delta\text{Akk}1\%$, $\Delta\text{RT}2\%$ en $\Delta\text{Akk}2\%$), terwyl 'n hoër preoperatiewe akkuraatheid en 'n korter reaksietyd korreleer met 'n beter QEEG-uitkoms ($\Delta\beta\%$, $\Delta\alpha\%$, $\Delta\delta\%$).

Hoe laer die preoperatiewe akkuraatheid ($\text{RTAkk}x1$), hoe beter was die postoperatiewe akkuraatheid ($\Delta\text{Akk}x\%$) en reaksietye ($\Delta\text{RT}x\%$). Daar was nie 'n konsekwente korrelasie tussen die preoperatiewe reaksietye en postoperatiewe akkuraatheid nie.

Hoe swakker die preoperatiewe reaksietye en akkuraatheid, hoe hoër was bykans al die NSE-vlakke. Hoe swakker die preoperatiewe reaksietye en akkuraatheid, hoe hoër was enkele $\text{S}100\beta$ -vlakke.

Dit behoort uit die voorafgaande duidelik te wees, dat heelwat van die pre- en intraoperatiewe veranderlikes *per se* 'n invloed op die neurologiese uitkoms kon hê. In 'n ondersoek van hierdie aard waar die bydraes van die narkosemiddels nagegaan is, was dit nodig om die invloed van hierdie veranderlikes op die uitkoms na te gaan. Daar is dus voortgegaan met die analise van kovariansie (ANCOVA).

7.9 ANALISE VAN KOVARIANSIE (Sien ook Bylae A)

7.9.1 Die vernaamste bevindinge by die uitkomsveranderlikes sonder inagneming van kovariate

1. Volgens die **QEEG-uitkoms** het die narkosetegniek geen betekenisvolle invloed uitgeoefen nie, terwyl daar wat die chirurgie betref, 'n beter uitkoms by KVO as KV was (Tabel 7.6.1.1).
2. Dit wil voorkom of die narkosetegniek, wat **reaksietye** betref, 'n verskil aan die uitkoms gemaak het, met MK beter as S, terwyl daar nie 'n verskil in die reaksietyuitkoms tussen KVO en KV was nie (Tabelle 7.6.2.1 en 7.6.2.2).
3. **NK** vanaf 4 uur tot 30 uur na KPO (NK6 tot NK9) sowel as die AOKNK was betekenisvol hoër by KV as KVO, maar het nie by MK en S verskil nie (Tabelle 7.7.1.1 en 7.7.2.2). Die uitkoms volgens die piek-NK (NK4) was by KV grens-betekenisvol swakker as by KVO, terwyl dit nie by MK en S verskil het nie (§ 7.7.3).
4. Alhoewel KVO by **S-100β** by 30 uur en 48 uur (S1009 en S10010) statisties betekenisvol hoër as by KV was, het beide waardes binne die normale perke van $<0,2 \mu\text{g.l}^{-1}$ geval, en is nie van kliniese belang nie (Tabel 7.7.1.4). Die uitkoms volgens die piek-S-100β (S1004) was betekenisvol beter by MK as by S, terwyl dit nie by KVO en KV verskil het nie (§ 7.7.3).

7.9.2 Die vernaamste bevindinge ten opsigte van die verklarende veranderlikes

1. Die KVO-pasiënte was betekenisvol ouer as die KV (Tabel 7.1.3). Daar was geen betekenisvolle verskil in biografiese parameters tussen MK en S nie (Tabel 7.1.2).
2. Tyd1, Tyd2 en Tydtotaal was betekenisvol langer by KVO as KV (Tabel 7.2.2).
3. Kleppasiënte het betekenisvol meer MgSO_4 ontvang (Tabel 7.3.2).
4. MK het gedurende Tyd1 ($U1, U1.m^{-2}$) en in totaal (UT) marginaal nie-betekenisvol beter as S uitgeskei (Tabel 7.3.3).
5. KV het gedurende KPO ($U2, U2.m^{-2}$) en in totaal ($UT.m^{-2}$) beter as KVO-pasiënte uitgeskei (Tabel 7.3.4).
6. Die preoperatiewe bloeddruk van KVO-pasiënte was betekenisvol hoër as by KV (Tabel 7.4.2). BP1 was by MK hoër as by S (Tabel 7.4.1). Daar was tydens KPO geen hemodinamiese verskille tussen die MK en S nie (Tabel 7.4.3). $\Delta\text{BP}2\%$ was statisties marginaal nie-betekenisvol meer negatief by KVO as KV. Hierdie verskil (8,22%) is nie klinies van belang nie (Tabel 7.4.4). $\Delta\text{BP}3\%$ was byna betekenisvol meer negatief by KVO as by KV. Hierdie verskil (9,48%) was klinies nie van belang nie (Tabel 7.4.6). Daar was tydens KPO geen betekenisvolle verskil in vloeï-indeks of perifere vaskulêre weerstandsindeks tussen MK en S of tussen KVO en KV nie (Tabelle 7.4.3 en 7.4.4).
7. T1 was by MK betekenisvol laer as by S (Tabel 7.5.1). T2 het nie betekenisvol tussen MK en S verskil nie (Tabel 7.5.1). T3 was by die MK-pasiënte betekenisvol hoër as die S-pasiënte (Tabel 7.5.1). Ts-p1, Ts-p2 en Ts-p3 was deurgaans by MK betekenisvol laer as by S (Tabel 7.5.1).

8. Hkt2 was by MK betekenisvol laer as by S. Verder was Δ Hkt2% betekenisvol meer negatief by MK as by S (Tabel 7.5.3).
9. Die eindgety-CO₂ vóór KPO (PCO₂ET1) was by S statisties hoër as by MK (Tabel 7.5.3). Die mediane PaCO₂ en minimum PaCO₂ was tydens KPO betekenisvol hoër by KVO as by die KV (Tabel 7.5.4).

7.9.3 Bepaling van die invloed van verklarende veranderlikes (ANCOVA)

Daar is as gevolg van die verskille in verklarende veranderlikes besluit om die invloed wat hierdie veranderlikes kon gehad het, te ondersoek, en te bepaal of die verskille wat gevind is behoue bly en of daar ander na vore kom. Alhoewel analise van kovariansie (ANCOVA) voorheen die belang van intraoperatiewe veranderlikes identifiseer het, moet hierdie benadering hier ook gevolg word, ten einde die invloed van ander perioperatiewe faktore (kovariate) op te klaar, wat benewens die narkosemiddels, die uitkoms kon beïnvloed.

Die volgende kovariate (pre- en intraoperatiewe verklarende veranderlikes) is toegelaat om by terugwaartse regressie-analise ingesluit te word. Die gemiddeldes wat by ANCOVA na vore gekom het en by verdere analise gebruik is, word tussen hakies aangedui:

Ras (Swart = 0; Wit = 1) (0,57)

Geslag (Man = 1; Vrou = 0) (0,60)

Ouderdom (46,5 jaar)

Tyd1 (56,9 minute)

Tyd2 (77,6 minute)

Tyd3 (58,2 minute)

T1 (35,9°C)

Ts-p1 (5,2 °C)

T2 (32,2°C)

Ts-p2 (1,6°C)

T3 (36,2°C)

Ts-p3 (2,4°C)

Δ BP1% (-14,7%)

Δ BP2% (-38,4%)

Δ BP3% (-19,6%)

PaCO₂2min (31,81 mm Hg)

Hkt2min (25,94%)

Iso%min (30,2 %min)

MgSO₄ (76,8 mg.kg⁻¹)

Die volgende uitkomsveranderlikes is ten opsigte van die aangepaste gemiddeldes (AG; *adjusted mean*) van die verklarende intraoperatiewe veranderlikes geïnterpreteer:

QEEG-veranderlikes:

$\Delta\beta\%$

$\Delta\alpha\%$

$\Delta\delta\%$

$\Delta\theta\%$

$\Delta\alpha/\theta\%$

$\Delta\text{PS}\%\Delta\text{AAI}\%$

Reaksietydveranderlikes:

$\Delta\text{RT}1\%, \Delta\text{Akk}1\%$

$\Delta\text{RT}2\%, \Delta\text{Akk}2\%$

$\Delta\text{RT}3\%, \Delta\text{Akk}3\%$

$\Delta\text{RT}4\%, \Delta\text{Akk}4\%$

$\Delta\text{RTKum}\%, \Delta\text{F}\%$

Chemiese merkers:

NKMax

AOKNK

S100Max

AOKS100

Die narkosetegnieke MK en S, die chirurgie KVO en KV en die interaksies tussen narkosetegniek en die chirurgie (NarkoseXChirurgie) was as vaste veranderlikes behou. Afhangende van die waarde van R^2 en die R^2 aangepas vir die steekproefgrootte (\hat{R}^2), is die ander verklarende veranderlikes onderskeidelik by peil van betekenis van 15% ($p < 0,15$) of 20% ($p < 0,20$) (*probability to remove; pr*) vir ANCOVA ingesluit. Die kovariate is by die peil van 5% as betekenisvol beskou ($p > |t| < 0,05$). Interaksies is by die 10%-peil as betekenisvol beskou ($p > |t| < 0,10$). Die ANCOVA word in Tabelle 7.9.1 tot 7.9.7 en Figure 7.9.1 tot 7.9.6 opgesom.

Tabel 7.9.1: Uitkomstveranderlikes by die narkosetegniek en chirurgie

Uitkomstveranderlike	Narkosetegniek			Chirurgie		
	MK (AG)	S (AG)	p-waarde	KVO (AG)	KV (AG)	p-waarde
$\Delta\beta\%$	-15,94	-9,06	0,491	-8,69	-16,32	0,121
$\Delta\alpha\%$	-3,49	-2,88	0,645	2,86	-9,23	0,517
$\Delta\delta\%$	-23,97	-26,50	0,548	-15,29	-35,19	0,114
$\Delta\theta\%$	-14,75	-32,79	0,010	-7,10	-40,45	<0,001
$\Delta\alpha/\theta\%$	-15,96	-20,72	0,503	-0,57	-36,11	0,009
$\Delta PS\%$	-12,96	-1,40	0,036	-1,00	-10,56	0,206
$\Delta AAI\%^{**}$						
$\Delta RT1\%$	-9,62	-6,90	0,607	-8,93	-7,59	0,803
$\Delta Akk1\%$	-0,72	-0,38	0,843	-8,69	-16,32	0,585
$\Delta RT2\%$						
$\Delta Akk2\%$	-1,54	-0,97	0,491	2,58	-0,07	0,053*
$\Delta RT3\%$	-5,17	-6,08	0,747	-2,55	-8,70	0,466
$\Delta Akk3\%$	16,60	-17,46	0,010	8,24	-9,11	0,164
$\Delta RT4\%$	-3,92	-13,48	0,521	-14,97	-2,44	0,097
$\Delta Akk4\%^{**}$						
$\Delta RTKum\%$	-5,08	-8,12	0,491	-5,23	-7,93	0,584
$\Delta F\%$	5,39	-9,45	0,002	-1,77	-2,30	0,856
NKMax $\mu g.l^{-1}$	16,78	14,96	0,578	15,17	16,55	0,149
AOKNK $\mu g.l^{-1}.minute$	23841	22393	0,382	17013	29222	0,044
S100Max ^{**}						
AOKS100 ^{**}						

**Betekenisvolle interaksies.

Uit tabel 7.9.1 kan die volgende afgelei word:

1. $\Delta\beta\%$, $\Delta\alpha\%$, $\Delta\delta\%$: Die narkosetegniek en die chirurgie het statisties geen betekenisvolle effek gehad nie. KVO sou klinies ook betekenisvol beter ten opsigte van $\Delta\alpha\%$ en $\Delta\delta\%$ beter as KV gevaar het (onderskeidelik 12,09% beter; $p = 0,517$ en 19,90% beter; $p = 0,114$) indien verskille van hierdie grootte werklik voorgekom het.
2. $\Delta\theta\%$: Wanneer die kovariate in berekening gebring word, tree daar statisties en klinies 'n betekenisvolle verskil tussen MK en S te voorskyn met MK wat 18,04% beter gevaar het ($p = 0,010$). Die KVO's het 'n 33,35% beter uitkoms as die kleppe gehad ($p < 0,001$).
3. $\Delta\alpha/\theta\%$: Na ANCOVA was KVO betekenisvolle beter 35,54% as KV ($p = 0,009$); daar was steeds geen betekenisvolle verskil tussen die narkosetegnieke nie ($p = 0,503$).
4. $\Delta PS\%$: S was 14,36% beter as MK ($p = 0,036$). Hierdie verskil is van grens kliniese belang. Die statisties beter uitkoms wat daar met die Welch toets by $\Delta PS\%$ by KVO in vergelyke met KV gevind is ($p = 0,0053$; Tabel 7.6.1.2), het met ANCOVA verdwyn ($p = 0,206$). Die verskil was daar ook van grens kliniese belang (11,56%).
5. $\Delta RTKum\%$: Die verandering in kumulatiewe reaksietyd ($\Delta RTKum\%$) het geen betekenisvolle verskil tussen die narkose of die chirurgie na vore gebring nie.
6. $\Delta F\%$: MK het postoperatief kumulatief statisties betekenisvol minder foute as S gemaak (14,86% minder; $p = 0,002$). Hierdie verskil is van grens kliniese belang.

7. $\Delta RT1\%$: Die betekenisvolle verskil wat daar tussen KVO en KV met die Welch toets gevind is, het met ANCOVA verdwyn.
8. $\Delta Akk1\%$: Daar was geen betekenisvolle verskil by die narkosetegniek of chirurgie nie.
9. $\Delta Akk2\%$: Daar was geen betekenisvolle verskil tussen die narkoses nie. KVO het statisties marginaal nie-betekenisvol beter as KV gedoen ($p = 0,053$). Hierdie verskil van 2,65% is egter klinies nie van belang nie.
10. $\Delta RT3\%$: $\Delta RT3\%$ het nie tussen MK en S of tussen KVO en KV verskil nie.
11. $\Delta Akk3\%$: Na ANCOVA het daar statisties 'n betekenisvolle verskil tussen MK en S na vore gekom; hierdie verskil was ook klinies van groot betekenis met MK wat gemiddeld 34,06% beter as S gevaar het ($p = 0,010$).
12. $\Delta RT4\%$: KVO was marginaal nie-betekenisvol beter as KV ($p = 0,097$). Die klinies betekenisvolle 17,86% beter uitkoms by MK ($p = 0,0213$; Wilcoxon; Tabel 7.6.2.1), is nie met ANCOVA aangetoon nie ($p = 0,521$). Die verskil van 9,56% was ook slegs van grens kliniese belang.
13. NKMax: Daar was nie tussen narkose of tipe chirurgie 'n verskil nie.
14. AOKNK: Dit was volgens beide die Welch toets ($p = 0,0155$; Tabel 7.7.1.2) en die ANCOVA ($p = 0,044$; Tabel 7.9.1) betekenisvol hoër by KV as by KVO.


Die volgende interaksies het voorgekom:

1. Interaksie by $\Delta AAI\%$

Daar was 'n betekenisvolle interaksie tussen die narkose en die chirurgie ($p = 0,057$). Die uitkoms by KVO wat MK ontvang het, was ook klinies betekenisvol beter as KVO was S ontvang het (1,27% teenoor -25,17%). Die verskil tussen die uitkoms met MK of S het by kleppe ook verskil; S het beter as MK gevaar (-25,74% by S teenoor -30,08% by MK). Die verskil was ten opsigte van KV statisties betekenisvol, maar hierdie verskil van 4,34% was nie van kliniese belang nie. KVO het dus moontlik 26,44% beter met MK as S gedoen, terwyl MK en S hier nie 'n verskil aan KV gemaak het nie (Tabel 7.9.2, Figuur 7.9.2).

Tabel 7.9.2: Interaksie by $\Delta AAI\%$ ($p = 0,024$)

		Chirurgie		
		KVO	KV	Totale groep
Narkose	MK	1,27	-30,08	-15,15
	S	-25,17	-25,74	-25,44
	Totaal	-12,58	-28,01	




Figuur 7.9.2: Interaksie tussen Narkose en tipe chirurgie ten opsigte van ΔAAI% (p = 0,057).

2. Interaksie by ΔART2%

Daar was 'n betekenisvolle interaksie tussen narkoses en chirurgie (p = 0,023; Figuur 7.9.2). Volgens die interaksie het KVO betekenisvolle beter met MK as met S gedoen terwyl KV betekenisvol beter met S as met MK gedoen het. Let egter daarop dat hierdie verskil ten opsigte van KVO groter was, met 'n verskil van 14,68% grens klinies ten gunste van MK was, terwyl die verskil tussen MK en S by die KV wel statisties van belang was maar kleiner is met 'n verskil van slegs 4,48% ten gunste van S (Tabel 7.9.3 en Figuur 7.9.3). Net soos in die geval van ΔAAI% het KVO dus beter met MK as S gedoen terwyl die verskil tussen MK en S by KV nie klinies van belang was nie.

Tabel 7.9.3: Interaksie by ΔART2% (p = 0,023)

		Chirurgie		
		KVO	KV	Totale groep
Narkose	MK	2,11	-10,26	-4,37
	S	-12,57	-5,78	-9,33
	Totaal	-5,58	-8,13	




Figuur 7.9.2: Interaksie tussen narkose MK en S en tipes operasies KVO en KV (p = 0,023). Die verskil tussen MK en S by KVO groter (10,46%) as die verskil tussen MK en S by KV (4,49%).

3. Interaksie by $\Delta\text{Akk}4\%$

Daar was by $\Delta\text{Akk}4\%$ 'n betekenisvolle interaksie tussen die narkoses en die tipes operasies ($p = 0,045$). Volgens die interaksie het KVO beter met S as met MK gedoen terwyl KV beter met MK as S gedoen het. Die verskil tussen MK en S by KVO was egter klinies nie van belang nie ('n verskil van 2,16%), terwyl MK by KV ook klinies betekenisvol beter (50,18%) as S was (Tabel 7.9.4 en Figuur 7.9.4). MK was dus moontlik beter as S.

Tabel 7.9.4: Interaksie by $\Delta\text{Akk}4\%$ ($p = 0,045$)

		Chirurgie		
		KVO	KV	Totale groep
Narkose	MK	-14,89	12,97	-0,30
	S	-12,73	-37,21	-24,38
	Totaal	-13,76	-10,93	




Figuur 7.9.4: Interaksie tussen narkoses MK en S en tipes operasies KVO en KV ($p = 0,045$).

4. Interaksie by die verskil tussen S1001 en die maksimum S100 (S100Max)

Daar was 'n betekenisvolle interaksie tussen die narkosetegniek en die chirurgie ($p = 0,018$). Volgens die interaksie het KVO beter gedoen met S, terwyl KV beter met MK gedoen het (Tabel 7.9.5 en Figuur 7.9.5). Wanneer die kriterium van $\geq 1,1 \mu\text{g.l}^{-1}$ as afsnypunt vir 'n swak uitkoms gebruik word, het KVO beter met S as met MK gedoen, terwyl KV met beide MK en S 'n ongunstige uitkoms gehad het.

Tabel 7.9.5: Interaksie by S100Max ($\mu\text{g.l}^{-1}$)

		Chirurgie		
		KVO	KV	Totale groep
Narkose	MK	2,48	1,49	1,96
	S	1,04	2,13	1,56
	Totaal	1,72	1,80	




Figuur 7.9.5: Interaksie tussen die narkose-tegniek en die operasie ten opsigte van S100Max ($p = 0,018$).

5. Area onder die kromme van S-100 β -proteïen (AOKS100)

Daar was 'n betekenisvolle interaksie tussen die narkoses en die chirurgie ($p = 0,004$). Volgens die interaksie was KVO geassosieer met 'n laer AOKS100 indien S toegedien is, terwyl KV met MK beter gedoen het (Tabel 7.9.6 en Figuur 7.9.6). KV het dus met beide die S-100 β -uitkomstparameters met MK beter gedoen, terwyl KVO by beide beter met S gedoen het.

Tabel 7.9.6: Interaksie by AOKS100 ($\mu\text{g.l}^{-1}\cdot\text{minute}$) ($p = 0,004$)

		Chirurgie		
		KVO	KV	Totale groep
Narkose	MK	632,80	348,25	483,75
	S	242,14	546,79	387,21
	Totaal	428,17	442,79	



Figuur 7.9.6: Interaksie tussen MK en S en tipes operasies KVO en KV ten opsigte van AOKS100 ($p = 0,004$).

7.9.4 Die bydrae van kovariate

Die kovariate het meestal tussen nou grense beweeg sodat die invloed daarvan waarskynlik met 'n groter steekproef duideliker na vore sou kom. Daar was van die koëffisiënte van kovariate waarvan die teken (positief of negatief) in van die vergelykings verskil het. Hierdie veranderlikes is egter kovariate, en tree derhalwe in mekaar se geselskap en nie in isolasie in die bepaalde regressievergelykings op nie. Daar was kovariate wat, benewens die narkosetegniek en die chirurgie, 'n konsekwente gedrae ten opsigte van die teken (positief of negatief) vertoon het, sodat dit makliker was om die invloed daarvan te voorspel.

1. Ras en geslag het nie 'n bydrae tot uitkoms lewer nie.
2. Hoër ouderdom het die uitkoms benadeel.
3. Die wil voorkom of langer operasietye (Tyd1, Tyd2 en Tyd3) uitkoms benadeel het. 'n Langer Tyd2 en Tyd3 is betekenisvol geassosieer met 'n hoër S100Max en AOKS100, terwyl NKMax ook positief gekorreleer het met Tyd2.
4. Die verandering in bloeddruk voor KPO ($\Delta BP1\%$) was $-18,89\%$ tot $-10,60\%$ (95% VI); 'n meer positiewe verandering is met 'n swakker uitkoms geassosieer. Die verandering in bloeddruk tydens KPO ($\Delta BP2\%$) was $-42,93\%$ tot $-33,89\%$ (95% VI) en na KPO ($\Delta BP3\%$) $-25,56\%$ tot $-13,76\%$ (95% VI). Die invloed van $\Delta BP2\%$ was onduidelik (vanweë die teken), maar dit lyk of 'n hoër bloeddruk tydens KPO die uitkoms mag verbeter het. 'n Hoër $\Delta BP3\%$ het ook die uitkoms benadeel.
5. Die rol van sentrale temperatuur voor KPO (T1) was $35,70^{\circ}\text{C}$ tot $36,01^{\circ}\text{C}$ (95% VI) en na KPO (T3) was dit $36,08^{\circ}\text{C}$ tot $36,40^{\circ}\text{C}$ (95% VI). 'n Hoër T1 en T3 het moontlik 'n gunstige invloed gehad.
6. Die temperatuur tydens KPO (T2) van $31,72^{\circ}\text{C}$ tot $32,72^{\circ}\text{C}$ (95% VI) het nie 'n duidelike rol gespeel nie maar moontlik was 'n hoër temperatuur voordelig. Die

maksimum temperatuur tydens KPO (T2Max) was 37,19°C tot 37,44°C (95% VI), maar is nie by die ANCOVA ingesluit nie.

7. Die verskil tussen die sentrale en perifere temperatuur tydens KPO (Ts-p2) was 1,55°C tot 2,31°C (95% VI); 'n laer waarde is geassosieer met 'n beter uitkoms. Ts-p1 was 4,16°C tot 6,19°C (95% VI) en die invloed daarvan was onduidelik. Ts-p3 was 1,80°C tot 2,95°C (95% VI) en 'n hoër waarde is moontlik geassosieer met 'n positiewe invloed op die uitkoms.
8. Die hematokritte wat in hierdie studie ter sprake was, was 0,25 tot 26% (95%VI) en het blykbaar nie 'n betekenisvolle invloed op die uitkoms gehad nie.
9. Die minimum PaCO₂ tydens KPO (PaCO₂2min) was 30,91 mm Hg tot 32,73 mm Hg (95% VI); 'n laer PaCO₂ tydens KPO is geassosieer met 'n beter uitkoms.
10. Die gebruik van isofluraan het 'n positiewe invloed op die uitkoms gehad.
11. Die gebruik van MgSO₄ is geassosieer met 'n swakker uitkoms.

7.9.5 Opsomming van bevindings met ANCOVA

Die bevindinge van toepassing op die uitkomsveranderlikes word in Tabel 7.9.7 opgesom.

Tabel 7.9.7: Opsomming van betekenisvolle invloede van narkosetegniek en operasie op uitkomsveranderlikes na ANCOVA [Uitkoms, liniêre voorspelling (Aangepaste gemiddelde)].

Uitkoms	Uitkoms	p	Klinies beter
$\Delta\theta\%$	MK(-14,86%); S (-32,69%) KVO (-7,37%); KV (-40,18%)	0,012 0,001	MK KVO
$\Delta\alpha/\theta\%$	KVO (-0,57%); KV (-36,11%)	0,009	KVO
$\Delta PS\%$	S (1,40%); MK (-12,96%)	0,036	Moontlik S
$\Delta AAI\%$	Interaksie: KVO + MK (1,27%); KVO + S (-25,17%) KV + MK (-30,08%); KV + S (-25,74%)	0,057	MK
$\Delta F\%$	MK (5,39%); S (-9,46%)	0,002	Moontlik
$\Delta RT2\%$	Interaksie KVO + MK (2,11%); KVO + S (-12,57%) KV + MK (-10,26%); KV + S (-5,78%)	0,026	Moontlik
$\Delta Akk2\%$	KVO (2,58%); KV (-0,07%)	0,053*	Onbelangrik
$\Delta Akk3\%$	MK (16,60%); S (-17,46%)	0,010	MK
$\Delta RT4\%$	KVO (-14,97%); KV (-2,44%)	0,097*	KV
$\Delta Akk4\%$	Interaksie KVO + MK (-14,89%); KVO + S (-12,73%) KV + MK (12,97%); KV + S (-37,21%)	0,045	MK
AOKNK S100Max	KVO (17013.1 $\mu\text{g.l}^{-1}\cdot\text{minute}$): KV Interaksie KVO + MK (2,48 $\mu\text{g.l}^{-1}$); KVO + S (1,04 $\mu\text{g.l}^{-1}$) KV + MK (1,49 $\mu\text{g.l}^{-1}$); KV + S (2,13 $\mu\text{g.l}^{-1}$)	0,004 0,018	KVO S by KVO; MK by KV
AOKS100	Interaksie KVO + MK (632,8 $\mu\text{g.l}^{-1}\cdot\text{minute}$) << KVO + S (242,14 $\mu\text{g.l}^{-1}\cdot\text{minute}$) KV + MK (348,3 $\mu\text{g.l}^{-1}\cdot\text{minute}$) > KV + S (546,8 $\mu\text{g.l}^{-1}\cdot\text{minute}$)	0,004	S by KVO; MK by KV

7.10 HOOFBEVINDINGE

7.10.1 Pre- en intraoperatiewe veranderlikes

1. Die narkosetegnieke en die chirurgiese prosedures is geassosieer met betekenisvolle pre- en/of intraoperatiewe veranderings, wat opsigself 'n invloed op die uitkoms kon hê.
2. Die *KVO-pasiënte was betekenisvol ouer en beter gevoed* as die KV (Tabel 7.1.4).
3. Die operasietyd vóór en tydens *KPO was langer by KVO* (Tabel 7.2.2).
4. Tydens en na KPO was die *bloeddrukverandering byna betekenisvol meer negatief by KVO-* as klepvervangings (tabelle 7.4.4 en 7.4.6).
5. *Midasolam plus ketamien het 'n betekenisvolle invloed van op die temperatuur gehad* (laer voor KPO, hoër na KPO en 'n nouer Ts-p) (Tabel 7.5.1).
6. Tydens KPO was die *hematokrit laer by midasolam plus ketamien* as by sufentaniel (Tabel 7.5.3).
7. KV *het meer MgSO₄ ontvang* (Tabel 7.3.2).

7.10.2 Die QEEG

1. Die verandering was die opvallendste in die relatiewe δ - en θ -frekwensiebande, naamlik $\Delta\delta\% = -25,24\%$ ($p = 0,0070$) en $\Delta\theta\% = -23,77\%$ ($p = 0,0007$) en die $\Delta AAI\% = -20,30\%$ ($p = 0,0007$).
2. Volgens die kriterium van 'n swak QEEG-uitkoms (minstens 2 parameters, agteruitgang $\geq 20\%$) het 27/42 van die pasiënte (64,29%) agteruitgang getoon. Van die MK-pasiënte het 13/21 (61,9%) en van die S-pasiënte 14/21 (66,7%) agteruitgegaan ($p = 0,5000$; Fisher se eksakte toets). By KVO het 8/21 (38,1%) en by KV 19/21 (90,5%) van pasiënte agteruitgegaan ($p < 0,001$; Fisher se eksakte toets). Volgens die QEEG het *KVO dus beter* as KV gevaar.
3. By $\Delta PS\%$ was by KVO sowel as KV statisties en moontlik klinies betekenisvol *beter met sufentaniel* as met midasolam plus ketamien (ANCOVA, Tabelle 7.9.1 en 7.9.7).
4. Midasolam plus ketamien was ten opsigte van $\Delta\theta\%$ *beter* as sufentaniel (ANCOVA, Tabelle 7.9.1 en 7.9.7).
5. By $\Delta\theta\%$ ($p = 0,0010$; ANCOVA) en $\Delta\alpha/\theta\%$ ($p = 0,0090$) was die uitkoms by KVO *beter* as by KV (Tabelle 7.9.1, 7.9.7).
6. Daar was by $\Delta AAI\%$ 'n betekenisvolle interaksie tussen die narkose en die chirurgie ($p = 0,057$). KVO het moontlik 26,44% *beter* met MK as S gedoen, terwyl MK en S hier nie 'n verskil aan KV gemaak het nie (Tabel 7.9.2, Figuur 7.9.2).

7.10.3 Reaksietye

1. Die reaksietye het postoperatief *meer verleng* as wat die akkuraathede afgeneem het (7.6.3.2).
2. Wanneer die strengere kriterium vir 'n swak reaksietyduitskoms (agteruitgang van ≥ 2 veranderlike met $\geq 10\%$) toegepas is, was daar by 17/36 (47,22%) pasiënte agteruitgang; 5/18 (27,78%) van MK en 12/18 (66,67%) van S ($p = 0,0220$; Fisher se eksakte toets), terwyl daar nie 'n verskil tussen KVO 9/17 (52,94%) en KV 9/19 (42,11%) was nie ($p =$

0,3670; Fisher se eksakte toets). Volgens die reaksietye was daar dus nie tussen die chirurgiese prosedures 'n verskil in uitkoms nie, maar het die narkosetegniek moontlik 'n betekenisvolle invloed op die uitkoms gehad.

3. Ten opsigte van $\Delta Akk3\%$ en $\Delta RT4\%$ was *midazolam plus ketamien beter* as sufentaniel, terwyl $\Delta F\%$ statisties maar ook moontlik klinies beter met midazolam plus ketamien as met sufentaniel was (ANCOVA, Tabelle 7.9.1 en 7.9.7).

4. By die volgende reaksietydveranderlikes het nóg die narkosetegniek, nóg die chirurgiese ingreep 'n betekenisvolle invloed op die uitkoms gehad: $\Delta RT1\%$, $\Delta Akk1\%$, $\Delta Akk2\%$, $\Delta RT3\%$ en $\Delta RTKum\%$ (ANCOVA, Tabelle 7.9.1 en 7.9.7).

7.10.4 Chemiese merkers

Die gebruik van isofluraan het gekorreleer met 'n beter $\Delta\beta\%$ en $\Delta\theta\%$ en $\Delta\alpha/\theta\%$. Die gebruik van isofluraan het positief gekorreleer met 'n verhoging van S-100 β 10 ure (S1007) en 20 ure na KPO (S1008) maar negatief korreleer met die NSE 48 uur na KPO (NK10) (Tabel 7.8.2). ANCOVA het egter aangetoon dat die gebruik van isofluraan by verskeie QEEG- sowel as RT-parameters 'n gunstige invloed gehad het. Van die agt parameters waar 'n betekenisvolle invloed voordelig was, was daar net een waar dit 'n negatiewe invloed gehad het, naamlik by $\Delta\text{Akk}2\%$.

Die huidige studie bevestig eintlik aspekte van die bevindinge van beide Nussmeier *et al*,¹²¹² naamlik dat die narkosetegniek 'n verskil gemaak het (by klepchirurgie) en dié van Zaiden *et al*,¹²¹³ naamlik dat die narkosetegniek geen verskil maak aan die uitkoms nie (by KVO). Nussmeier *et al* het aan pasiënte vir oophartchirurgie (kleppe) natriumtiopentoon toegedien en aangetoon dat die insidensie van beroerte minder voorgekom het as by die kontrolegroep. In daardie reeks was daar gebruik gemaak van borreloksigenators, *normotermie* en geen arteriële filters is gebruik nie. Daardie pasiënte is dus blootgestel aan fokale en globale serebrale iskemie.¹²¹⁴

In teenstelling hiermee het Zaiden *et al* natriumtiopentoon aan pasiënte vir *toehartchirurgie* (koronêrevatomleiding) toegedien. Daar was gebruik gemaak van membraanoksigenators, *hipotermie* en arteriële filters. Hulle kon geen afname in die insidensie van beroerte in die tiopentoongroep aantoon nie.¹²¹⁵ Die eindpunt in beide hierdie studies was dus die slegste *scenario*, naamlik beroerte en nie neuropsigologiese uitkoms nie.

Miskien wys die werk van Zaiden reeds daarop dat die belangrikste wyse van breinbeskerming tydens hartchirurgie nie soseer lê in 'n doeltreffende farmakologiese middel wat die effekte van iskemie verhoed nie, maar eerder in die verlaging in die emboluslading en die benutting van *ander effekte van hipotermie*, anders as die verlaging in CMRO₂. Verder het beide groepe natriumtiopentoon gebruik maar by verskillende temperature. Soos reeds voorheen bespreek, kon dit ook 'n invloed op die uitkoms gehad het. (Sien ¶8.2.5.1) Hoe dit ook al sy, mag die werk van beide Zaiden en Nussmeier, soos wat uit die enkele interaksies tussen groepe en tipes operasie wat in die huidige studie blyk, *suggereer dat bepaalde prosedures beter vaar met sekere narkosetegnieke.*

Die studies van onder andere Nussmeier en van Zaiden waarna hierbo verwys is, het gebreke in die ondersoek na die nut van die narkosetegniek by neurologiese of neuropsigologiese uitkoms na hartchirurgie na vore laat kom. Studies wat van dieselfde narkosetegniek gebruik maak, maar by verskillende temperature uitgevoer is, kan nie vergelyk word nie. Verder verskil die definisie in verskillende studies ten opsigte van wat 'n swak uitkoms is. Hierdie definisies kan helder omlyn wees, soos byvoorbeeld “dood” of “beroerte” of berus op kliniese irrelevante definisies, soos byvoorbeeld “'n agteruitgang van een standaardafwyking”. Hierdie aspekte maak vergelyking tussen studies moeilik, en sal aandag moet geniet, net soos wat die geval was met die konsensuskonferensie oor neuropsigologiese studies.¹²¹⁶

Die veel teenstrydige bevindinge in die literatuur ten opsigte van breinbeskermende maatreëls mag lê in een of meer van die volgende en sal bespreek word:

1. *In vitro* en *in vivo* studies en eksperimentele dierestudies en kliniese studies kan verskillende antwoorde oplewer as gevolg van verskillende protokolle. Verder mag die spesie en genetiese faktore die sukses van bepaalde maatreëls beïnvloed. Dit is onder kliniese omstandighede onmoontlik om rigiede eksperimentele protokolle toe te pas.
2. Die verskillende isomere van middels het verskillende effekte.
3. Die middels kan inherent neurotoksies wees, ten spyte van voordele soos verlaging die van CMRO₂ en NMDA-reseptor-antagonisme.
4. Breinbeskerming benodig waarskynlik nie die konsentrasies van middels en grade van hipotermie wat sarsiestilte van die EEG teweegbring nie. Hierteenoor is die konsentrasies van middels wat in selkulture en diere gebruik word, dikwels heelwat hoër as wat klinies ter sprake is.
5. Daar is sekere terapeutiese vensters waartydens die middels toegedien moet word.
6. Kombinasies van middels mag die neurobeskermende of neurotoksiese potensiaal onderling beïnvloed.
7. Die beskermende effek van middels kan deur liggaamstemperatuur beïnvloed word.
8. Daar mag moontlik interaksies tussen die tipe operasie en die narkosetegniek bestaan.

9. Nie-narkosemiddels mag 'n invloed hê.

Die verlaging in $CMRO_2$ wat deur narkosemiddels en hipotermie teweeggebring word, kan die brein tydens en na iskemie beskerm, bloot as gevolg van die verlaagde suurstofaanvraag of as gevolg van die gepaardgaande outoregulasiebemiddelde vasokonstriksie. Hierdie vasokonstriksie kan die brein beskerm omdat dit die emboluslading verlaag. Sufentaniël veroorsaak, afhangende van die dosis, geen verandering nie of 'n afname in die $CMRO_2$ en serebrale bloedvloei. By die mens veroorsaak 'n induksiedosis van sufentaniël $10 \mu\text{g}\cdot\text{kg}^{-1}$ 'n verlaging van die $CMRO_2$ van 22% maar afname in serebrale bloedvloei van 29%. Die koppeling tussen SBV en metabolisme sowel as die reaktiwiteit teenoor CO_2 word nie versteur nie.¹²¹⁷ Sufentaniël $1,5 \mu\text{g}\cdot\text{kg}^{-1}$ tot $2 \mu\text{g}\cdot\text{kg}^{-1}$ gevolg deur $0,1 \mu\text{g}\cdot\text{kg}^{-1}\cdot\text{uur}^{-1}$ tot $0,3 \mu\text{g}\cdot\text{kg}^{-1}\cdot\text{uur}^{-1}$ in kombinasie met laggas is vergelyk met isofluraan 0,75% plus laggas: die $CMRO_2$ en serebrale bloedvloei was onderskeidelik 44% en 31% laer in die sufentaniëlgroep.¹²¹⁸

Wat is die verband tussen $CMRO_2$ -verlaging, sarsiestilte van die EEG en neurologiese uitkoms na serebrale iskemie? Newman *et al* het bevind dat beide sufentaniël en sufentaniël plus sarsiestiltedosisse¹ dosisse propofol, die $CMRO_2$, SBV en CDO_2 tydens KPO (voor afkoeling, tydens hipotermie en na opwarming) verlaag het. Die verlaging in hierdie parameters was betekenisvol meer in die propofolgroep. Hulle stel voor dat die verlaging in SBV mag bydra tot breinbeskerming omdat dit die emboluslading verlaag.¹²¹⁹ Roach *et al* kon geen verskil in breindisfunksie na die gebruik van sufentaniël of sufentaniël plus propofol aantoon nie.¹²²⁰

Die nut van sarsiestilte duik weer op in die bevinding van Souter *et al*, naamlik dat propofol by sarsiestiltedosisse tydens opwarming, nie die daling in SjO_2 tot onderkant 50% verhoed het nie.¹²²¹ Hierdie bevinding laat die vraag ontstaan of verlaging van die $CMRO_2$, soos aangedui deur sarsiestilte, enigsins van waarde is om die brein tydens kwesbare periodes te beskerm. Daar moet ook gevra word of middels by hierdie dosering nie die vloei/metabolisme-verhouding versteur nie, of in der daad onder sekere omstandighede, soos tydens hipotermie,¹²²² moontlik neurotoksies is nie.^{1223 1224}

Lavine *et al* het bevind dat intraveneuse breinbeskerming met propofol, etomidaat en pentobarbital tydens klemming van die *a. Cerebri media* tydens serebrale aneurismechirurgie by die mens, meer effektief was om nuwe infarksies te voorkom as in die pasiënte wat slegs isofluraan ontvang het. Al hierdie middels was toegedien in doserings wat sarsiestilte bewerkstellig het. Die gemiddelde tydsduur van klemming waarna die intraveneuse middels geen nuwe infarksies voorkom het nie, was betekenisvol langer, naamlik $13,6 \pm 10,6$ minute, in vergelyke met $3,9 \pm 2,2$ minute by die isofluraangroep. Hierdie outeurs stel dus voor dat klemming van die *a. Cerebri media* beperk moet word tot hoogstens tien minute.¹²²⁵ Let egter op die groot standaarddeviasie

by die klemtye waarna nuwe infarkties nie meer wat voorkom is nie, naamlik 10,6 minute; daar was dus ongeveer 16% van die pasiënte wat teen ongeveer 3 minute reeds infarkties kon begin opdoen het. Sarsiestilte kan dus nie breinbeskerming waarborg nie, en is die beskermende meganisme wat propofol verleen, nie slegs toeskryfbaar aan die verlaging van die CMRO₂ nie.¹²²⁶

Die tydperk waartydens die brein tydens KVO potensieel iskemies kan wees, is waarskynlik veel langer as tien minute. Die aard van iskemie wat tydens KPO ter sprake is, is waarskynlik eerder intermitterend, en nie ononderbroke soos wanneer 'n klemmetjie aan die *a. cerebri media* geplaas word nie. Dit mag moontlik van belang wees, omdat iskemie na vooraf blootstelling aan iskemie, moontlik iskemiese prekondisionering tot gevolg kan hê. Of dit wel die geval by KPO is, is na my wete nog nie ondersoek nie.

Die kardiovaskulêre onderdrukking wat sarsiestiltedosisse van die inhalante soos isofluraan (meer as 1,5 MAK by normotermie¹²²⁷) is van só 'n aard, dat dit dikwels nie bruikbaar tydens hartchirurgie is nie. Isofluraan kan wel tydens KPO toegedien word. Die EEG en die konsentrasie isofluraan (F_E) is nie tydens KPO gemoniteer nie. Dit is egter onwaarskynlik dat die middel op enige stadium teen sarsiestilte-konsentrasies toegedien is. Dit is meestal toegedien wanneer die KPO-tenoloog geoordeel het dat die pasiënt se narkosevlak te lig was. In ons eenheid maak ons tydens KPO eerder van narkosemiddels as vasodilatore gebruik om hipertensie te beheer. Meestal was isofluraan kortstondig toegedien teen verdampersinstellings van 1% tot 2%. Dit was ook hierdie konsentrasies wat aangeteken is en gebruik is om die dosis isofluraan (iso%/min) te bereken. Die konsentrasie wat in die oksigenator was, is egter nie gemeet nie, sodat die iso%/min waarskynlik laer was as wat uit die berekeninge geblyk het.

Wanneer die tekortkoming van studies in aggeneem word, naamlik dat die sarsie/stilte-ratio en isofluraankonsentrasie tydens KPO dikwels nie gemeet word nie, dui hierdie studie daarop dat isofluraan kan bydra tot 'n beter neurologiese uitkoms, en dat sarsiestiltedosisse nie daarvoor benodig word nie.

Die beskermende effek van die narkosedampe is moontlik deels te danke aan die verlaging in sentrale en perifere simpatiese tonus.¹²²⁸ Verder het Kawaguchi *et al* bevind dat isofluraan se beskermende effek veral sigbaar was in kortikale gebiede waar selektiewe neuronale nekrose (SNN) voorgekom het.¹²²⁹ Soos reeds bespreek, is SNN 'n nie-akute proses wat voorkom in areas waar iskemie minder ernstig is¹²³⁰ en verloop oor tot maande na die iskemie.¹²³¹ Isofluraan mag dus beskerm teen SNN maar nie teen nekrose nie. Hulle spekuleer dat isofluraan spreidende onderdrukking, soos die wat voorkom by iskemiese depolarisasies na fokale iskemie, onderdruk.

ⁱ Sarsie-stiltedosisse = *Burst suppression dosages*

Die werk van Back *et al* dui daarop dat iskemiese depolarisasies tydens fokale iskemie nie bydra tot die infarksievolume nie maar wel tot SNN.¹²³² MK801¹²³³ en isofluraan¹²³⁴ se attenuering van SNN in areas van minder ernstige iskemie is dus te danke aan hulle vermoë om iskemiese depolarisasies te demp.¹²³⁵ Middels se vermoë om infarksie te vertraag maar nie voorkom nie, mag dui dat daar 'n terapeutiese venster is waartydens die middels van meer nut is.

Die betekenis van elektrofisiologiese veranderinge wat die middels op die brein het, word gekompliseer deur die bevinding dat pasiënte ná KPO laer dosisse narkosemiddels benodig as daarvoor. Lundell *et al* het byvoorbeeld aangetoon dat die MAK van isofluraan na KPO by die mens met ongeveer 25% daal.¹²³⁶ Hulle skryf dit toe aan die KPO-verwante breinskade en gepaardgaande breinedeem, wat daarvoor bekend is om die dosis narkosemiddels, wat 'n bepaalde mate van onderdrukking veroorsaak, te verlaag. Hierdie aspek mag van groot praktiese belang wees, want terwyl daar 'n sekere konsentrasie middels benodig word om die brein teen 'n bepaalde aanslag te beskerm, is die behoefte verlaag vanweë die proses waarteen dit moet beskerm. Indien dit dus tydens die tydperk van verlaagde behoefte in relatiewe oormaat toegedien word, lei dit tot erge kardiovaskulêre onderdrukking. Dieselfde kom voor in gesonde pasiënte wat aan hoë konsentrasies narkosemiddels blootgestel word. Hierdie verhoogde farmakodinamiese gevoeligheid kom voor te midde van farmakokinetiese veranderinge wat tydens en na hartchirurgie ter sprake is. ANCOVA het gedui op 'n betekenisvolle gunstige invloed van isofluraan, naamlik ten opsigte $\Delta\beta\%$, $\Delta\delta\%$, $\Delta\text{PS}\%$, $\Delta\text{Akk}2\%$, $\Delta\text{RT}3\%$, $\Delta\text{RT}4\%$, $\Delta\text{Akk}4\%$ en $\Delta\text{RT}2\%$ (grens-beduidend; $p = 0,0560$).

Die EEG en die konsentrasie isofluraan (F_E) tydens KPO is nie gemoniteer is nie. Dit is egter onwaarskynlik dat die middel op enige stadium teen sarsiestiltekoncentrasies toegedien is. Dit is meestal toegedien wanneer die KPO-tegnoloog geoordeel het dat die pasiënt se narkosevlak te lig was. In ons eenheid maak ons tydens KPO eerder van narkosemiddels as vasodilatore gebruik om hipertensie te beheer. Meestal was isofluraan kortstondig toegedien teen verdamperstellings van 1% tot 2%. Dit was ook hierdie konsentrasies wat aangeteken is en gebruik is om die dosis isofluraan (iso%min) te bereken. Die konsentrasie wat in die oksigenator was is egter nie gemeet nie, sodat die iso%min waarskynlik laer was as wat uit die berekeninge geblyk het.

Die onvermoë van sufentaniël nóg propofol plus sufentaniël om die brein tydens klepvervangingsoperasies te beskerm,¹²³⁷ kan geleë wees in die beweerde neurotoksisiteit van opioïede of van propofol, ten spyte van hulle ander gunstige effekte, byvoorbeeld die verlaging van die CMRO_2 en blokkade van die NMDA-reseptor. Verder kan die blokkade van glutamaatreseptore op sigself nie slegs voordelige effekte hê nie. Ketamien verhoog, byvoorbeeld die CMRG in die limbiese sisteem¹²³⁸ en kan moontlik deur sy non-kompetatiewe NMDA-reseptorblokkade heropname van glutamaat strem. Hierdie effek

van propofol op NMDA-reseptore mag, soos in die geval van ketamien, die beskermende effek teengaan.¹²³⁹

Beide sufentaniël en ketamien is moontlik neurotoksies.^{1240 1241 1242} Die bydrae wat die opioïede tot die kognitiewe uitkoms lewer, is onseker omdat die opioïede by rotte dosisafhanklik neurondegenerasie kan veroorsaak,^{1243 1244 1245} vryradikale kan vorm,¹²⁴⁶ die brein mag beskerm (verlaagde CMRO₂ of nonkompeterende NMDA-antagonisme),¹²⁴⁷ óf geen blywende effek op neurone het nie.¹²⁴⁸ Daar is onlangs bevind dat die neurondegenerasie by striatumneuronkulture wat blootgestel is aan MIV-1 Tat (1-72)-proteïen (*HIV-1 Tat (1-72)-protein*) sinergisties bevorder word deur opioïede, en dat opioïedreseptore daarby betrokke is. Toediening van opioïede aan MIV-pasiënte kan dus die MIV-demensie verhaas. Die neuroglia is nie deur morfien beïnvloed nie.¹²⁴⁹ Die moontlikheid bestaan dus dat die breindegenerasie van pasiënte wat besmet is met MIV (tot ongeveer 30% van pasiënte in sekere dele van Suid-Afrika), nie alleen deur iskemie vererger kan word nie, maar ook deur 'n opioïednarkosetegniek.

Chinev *et al* het bevind dat droperidol en fentaniël lipiedperoksidasie by die rotlewer veroorsaak. In kombinasie met laggas verminder hulle egter die laggasgeïnduseerde lipiedperoksidasie in die long. Hulle is van mening dat die radikale wat tydens die metabolisme van fentaniël en droperidol vorm, mag bind aan die radikale wat tydens die een-elektronreduksie van laggas vorm. So 'n reaksie sal die vryradikaalkonsentrasie verlaag en gevolglik lipiedperoksidasie verlaag.¹²⁵⁰ Hierdie interaksie mag verklaar waarom daar geen verskil in neuropsigologiese uitkoms was tussen die narkosetegnieke sufentaniël en sufentaniël plus propofol (antioksidant) nie.¹²⁵¹ Die vraag moet dus gevra word tot welke mate die derivate van fentaniël bydra tot vryradikaalproduksie en lipiedperoksidasie tydens *laggasvrye* narkosetegnieke, naamlik tydens prosedures waar laggas meestal vermy word, soos tydens hartchirurgie. In die huidige studie was nie van laggas gebruikgemaak nie.

Sinz *et al* het ook bevind dat fentaniël by die rot neurotoksies is. Hulle het ook aangetoon dat naloksoon en laggas en die antikonvulsante fenitoïen en midasolam die brein teen fentaniëlgeïnduseerde skade beskerm.¹²⁵² In die huidige studie het beide groepe midasolam ongeveer 0,2 mg/kg 2 uur voor induksie oraal ontvang. Met die kort eliminasiehalflewe van midasolam van 1,7 tot 2,6 uur¹²⁵³ word hierdie moontlike beskermende waarde van die middel by die sufentaniëlgroep in hierdie studie betwyfel, tensy die lae konsentrasie midasolam wat nog teenwoordig was, die brein teen die moontlike toksiese effekte van die opioïed beskerm het.

Ketamien en midasolam oefen 'n invloed op die ekstrasellulêre glutamaat uit. Rasemiese ketamien en midasolam inhibeer tydens iskemie die omgekeerde glutamaattransport in gekloonde mensglia-GLI-1-porters. Hierdie neurobeskermende effek word deels daaraan toegeskrywe.¹²⁵⁴ Die outeurs wys egter op die tekortkominge van die studie, naamlik dat

bevindinge *in vivo* anders as in hierdie *in vitro* studie mag wees, dat hulle studie na slegs een van die moontlike vyf glutamaatporters gefokus het, en derdens dat die konsentrasies van ketamien en midasolam wat die omgekeerde transport in hierdie porters inhibeer het, in veel hoër konsentrasies teenwoordig was as wat klinies gebruik word.

Benewens die metaboliese effekte van narkosemiddels en hipotermie, het hulle ook 'n invloed op die BBS *per se*. Selfs geringe onderbreking van die BBS, hetsy deur iskemie, hipertensie, konvulsies, trauma, inflammasie of hiperosmolare oplossings, kan die brein blootstel aan sirkulerende neurotoksiene, hormone en elektroliete met gevolglike ontwrigting van homeostase. Die invloed van isofluraan en pentobarbital op die onderbreking van die BBS is deur Chi *et al* ondersoek. Hulle het bevind dat *in vitro* beskadiging van die BBS deur hipertoniëse mannitol, deur hipotermie (32°C), isofluraan en pentobarbital attenuer is. Die beskerming van die BBS was by beide hipo- en normotermie beter met isofluraan as met pentobarbital.¹²⁵⁵ Alhoewel matige hipotermie die BBS beskerm, vererger diehipotermie (20°C) onderbreking van die BBS tydens hipertensie¹²⁵⁶ en konvulsies.¹²⁵⁷

Verhoogde deurlatendheid van die BBS is voordelig by pasiënte met breintumore, omdat die oordrag van chemoterapeutika na die tumore bevorder word. Soos reeds genoem het die keuse van narkosetegniek 'n invloed op hierdie oordrag. Remsen *et al* het bevind dat oordrag tydens isofluraan/N₂O-narkose beter was as met isofluraan/O₂ en dat geringe hipokapnie oordrag oor die BBS bevorder het.¹²⁵⁸

Morfien beskerm die BBS teen die ontwrigting deur hipertoniëse mannitol.¹²⁵⁹ Fentaniel het egter *in vitro* geen invloed op die deurlatendheid van die BBS nie¹²⁶⁰ of verlaag die oordrag van klein hidrofiele molekule oor die BBS.¹²⁶¹ Ketamien verlaag ook die deurlatendheid van die BBS.¹²⁶²

Die integriteit van die BBS beïnvloed ook die deurlatendheid vir geneesmiddels. Verder het die samestelling van die brein (meestal lipiede) 'n invloed op die serebrale kinetika van brein. Bouw *et al* het aangetoon dat die konsentrasie van morfien in die brein hoër was in die omgewing van besering as in normale brein. Verder het hulle aangetoon dat die halflewe van morfien in normale en beseerde brein langer is as wat verwag sou word op grond van die plasmahalflewe.¹²⁶³ Daar bestaan ook porters wat vir die aktiewe opname van opioïede deur die BBS. Fentanieltransport oor die BBS geskied aktief deur middel van 'n P-glikoproteïen.¹²⁶⁴

Hierdie bevindinge mag daarop dui dat die meganisme van beskerming van narkosemiddels kan berus op 'n addisionele meganisme, naamlik beskerming van die BBS teen ontwrigting deur ongunstige faktore. Hierdie effek beskerm dan die brein teen die substansie wat nie oor die normale BBS kan beweeg nie en mag ook 'n invloed hê op die vlakke van merkers van BBS-oorsprong, soos S-100β.

Chiraliteit word in kliniese medisyne van al groter belang. Dit kom voor of die S(+)-isomeer van ketamien beter beskerm as rasemiese ketamien. Daar is aangetoon dat S(+)-ketamien in rothippokamuskulture, in vergeleke met rasemiese ketamien, besering na glutamaatblootstelling of aksonstraneksie meer attenuer het en die energiestatus van neurone en morfologiese herstel van aksone beter behou het.¹²⁶⁵ Reeker *et al* het aangetoon dat 'n hoë dosis S(+)-ketamien (1 mg/kg/min) na onvolledige serebrale iskemie by die rot 'n dosisafhanklike verbetering in die neurologiese uitkoms teweeggebring het.¹²⁶⁶ Hulle is ook van mening dat die dosisafhanklike effek dui op 'n reseptorbemiddelde effek. Die R(-)-isomeer beskik nie oor neurobeskermerende eienskappe nie. Die breinbeskermerende effek van rasemiese ketamien is dus waarskynlik te danke aan die S(+)-isomeer.¹²⁶⁷

Proescholdt *et al* het *in vivo* by die rot aangetoon dat die sistemiese toediening van 'n hoë dosis S(+)-ketamien (60 mg/kg en 90 mg/kg) 15 minute na globale voorbreiniskemie 'n positiewe effek op serebrale suurstofsaturasie en kortikale neurondood gehad het. Die S(+)-isomeer het beter beskerm as die R(-)-isomeer. Verder het die hoë dosisse geen toksisiteit getoon nie. Die beskerming in die hippokampus was minder opvallend as in die voorbreinkorteks. Die outeurs skryf dit toe aan die lang iskemiese tyd van 15 minute; die hippokampus is besonder gevoelig vir iskemie en sou dus minder gunstig op die toediening van S(+)-ketamien gereageer het.¹²⁶⁸

Glutamaat en wysiging van die NMDA-reseptor is tydens iskemie by iskemiese prekondisionering (IP) in die brein betrokke.¹²⁶⁹ Daar is aangetoon dat S(+)-ketamien, ten minste wat die rothart betref, gunstiger effekte op iskemiese prekondisionering het.¹²⁷⁰ Daar kon geen literatuur opgespoor word oor die effek van ketamien of sy isomere op IP in die brein nie. Indien hierdie effek van rasemiese ketamien wel ook vir die brein geld, sou dit beter wees om, net soos in die geval van die hart, die S(+)-isomeer, eerder as rasemiese ketamien te gebruik by pasiënte wat die gevaar van miokard- of breiniskemie loop, te gebruik.^{1271 1272}

Word IP bevorder deur die hipotensie wat dikwels in die tydperk vóór KPO voorkom, sowel as die intermitterende aard van iskemie wat tydens KPO voorkom, en wat is die invloed van sufentaniël, midasolam en ketamien op IP in die brein? Hierdie vrae moet nog beantwoord word.

Die dosisse en isomere van middels wat die brein beskerm is van belang. Die dosisse S(+)-ketamien nodig vir breinbeskerming in eksperimentele breiniskemie is heel hoog (meer as 90 mg/kg).¹²⁷³ Middels se waarde by breinbeskerming by die mens word bepaal by dosisse wat voldoende is om chirurgiese stimuli te onderdruk; dit word trouens as die primêre doel van narkose beskou. Die dosisse wat benodig word vir breinbeskerming is egter waarskynlik veel hoër en het moontlik nuwe-effekte wat die gebruik daarvan, veral in die teenwoordigheid van kardiovaskulêre disfunksie, ongewens maak. Eerstens is hierdie hoër

dosisse nie by die mens getoets nie, en mag ook verklaar waarom die beskermende effek van middels wat *in vitro* en *in vivo* in diere aangetoon is, nie by die mens bevestig is nie. Tweedens is die effek van S(+)-ketamien as breinbeskermer na my wete nog nie by die mens bevestig nie. Dieselfde geld vir ander middels wat tans slegs as rasemiese mengsels beskikbaar is. S(+)-ketamien sal hopelik een of ander tyd bemark word, en sal die nut daarvan ten opsigte van NMDA-antagonis en IP by die mens evalueer kan word. Trouens, rasemiese mengsels in narkosepraktyk is eerder die reël as die uitsondering. Dit geld ook vir die opioïede. Na my wete is die effek van opioïedisomere op die uitkoms na iskemie nog nie eers eksperimenteel bepaal nie.

Tseng *et al* het by honde aangetoon dat hipotermiese arres aanleiding gee tot verhoogde serebrale glutamaat en aspartaat asook van die koagonis glisien. Die glutamaat stimuleer glutamaatreseptore met gevolglike instroom van kalsium. Die verhoogde $[Ca^{2+}]_i$ stimuleer NOS met die vorming van NO wat tot die neurologiese skade bydra. Hierdie eksitotoksiteit begin tydens hipotermiese arres, maar gaan vir tot 20 uur na die arres voort.¹²⁷⁴ Betekenisvolle kardiovaskulêre veranderlikes kom gedurende die postoperatiewe periode voor. Hierdie periode word gekenmerk deur kardiovaskulêre labiliteit, byvoorbeeld as gevolg van bloeding, ontwaking en herwinning van normale liggaamstemperatuur. Dit kan bydra tot 'n ongunstige neuropsigologiese uitkoms. Teen daardie tyd speel die narkosetegniek waarskynlik geen rol meer speel nie.

In die afwesigheid van hipotermie mag farmakologiese maatreëls juis in die postiskemiese tydperk van waarde wees. Daar is *in vitro* in kuikenembriobrein aangetoon dat die toediening van ketamien, self 15 minute na die aanvang van herstel, nog vir 20 uur na hipoksie sellulêre integriteit en sellulêre ATP-vlakke verbeter het.¹²⁷⁵

Die konsentrasies ketamien¹²⁷⁶ en propofol¹²⁷⁷ wat moontlik die brein kan beskerm, kom by klinies relevante konsentrasies voor. In die huidige studie is die toediening van die narkosemiddels gestaak sodra die sternum gesluit is. Daar was dus gedurende die aanvanklike tydperk in die intensiewesorgeenheid moontlik narkosemiddelkonsentrasies teenwoordig wat die brein gedurende daardie aanvanklike periode van kardiovaskulêre labiliteit teen serebrale hipoksie kon beskerm. Dit mag dus van waarde wees om voort te gaan met die toediening die middels totdat die moontlikheid van serebrale iskemie afgeneem het.

Postoperatiewe toediening van narkosemiddels kan egter opsigself aanleiding gee tot kardiovaskulêre labiliteit en verlengde intubasie en ventilasie. Die vraag bly egter, teen watter dosis, en hoe hierdie voortgesette toediening van narkosemiddels die hemodinamika en ekstubasietyd gaan beïnvloed. Indien slegs klein subsederende dosisse vir hierdie doel voldoende is, mag dit dalk hemodinamiese stabiliteit behou en nie ekstubasie vertraag nie. Hierdie aspek moet nog by die mens ondersoek word.

Daar is in hierdie studie geen rekord van postoperatiewe toediening van analgetika en kardiovaskulêre middels soos adrenalien- en vogbehoefte gehou nie, aangesien die kriteria vir toediening gedurende daardie tydperk wissel van chirurg tot chirurg en die ondersoeker daar geen inspraak had nie. Dieselfde tekortkoming word by vele ander ondersoeke na die neuropsigologiese uitkoms van pasiënte gevind, naamlik dat daar nie melding van die postoperatiewe sorg en komplikasies gemaak word nie.

Daar is in hierdie bespreking dikwels melding gemaak van maatreëls wat die neurologiese uitkoms na breiniskemie mag verbeter: eendersyds farmakologiese maatreëls en andersyds, hipotermie. Dit het egter na vore gekom dat hierdie twee entiteite nie in isolasie gesien moet word nie. Daar word opnuut verwys na die werk van Popovic *et al*¹²⁷⁸ en van Lesser *et al*,¹²⁷⁹ naamlik dat daar 'n interaksie mag bestaan tussen iskemie, hipotermie en die effekte van narkosemiddels. Hierdie aspek mag ook verklaar dat daar aangetoon is (soos ook in hierdie studie), dat 'n "warmer" (lees *geringe hipotermie*) temperatuur moontlik voordelig was hipotermie (< ongeveer 32°C) en as normotermie (lees *serebrale hipertermie*).

Dit kom dus voor of die narkosetegniek wel 'n betekenisvolle invloed op die uitkoms gehad het (QEEG, reaksietye en chemiese merkers), en dat midasolam plus ketamien by aldie die uitkomsparameters voordele bo sufentaniël kon inhou. Daar was ook interaksies tussen die narkosetegnieke en die chirurgie aangetoon wat nagegaan sal moet word. Wanneer die tekortkoming van studies inaggeneem word, naamlik dat die sarsie/stilte-ratio en isofluraankonsentrasie tydens KPO dikwels nie gemeet word nie, dui hierdie studie daarop dat isofluraan kan bydra tot 'n beter neurologiese uitkoms, en dat sarsiestiltedosisse nie daarvoor benodig word nie. Die effek van die narkosetegniek berus moontlik nie alleen op hul metaboliese effek op neurone nie, maar ook op direkte neurotoksisiteit en op hul invloed op die integriteit van die BBS. Die postoperatiewe verloop lewer waarskynlik 'n belangrike bydrae tot die neuropsigologiese uitkoms. Dit laat die moontlikheid ontstaan dat die toediening van breinbeskerende middels juis in die postoperatiewe periode van waarde kan wees.

8.4 OPSOMMING VAN DIE BEVINDINGE EN VAN DIE VERBAND TUSSEN VERKLARENDE EN UITKOMSVERRANDERLIKES (ρ OF ANCOVA)

Daar was postoperatief geen growwe neurologiese uitval aangetoon nie. Daar was ook geen vertraagde ontwaking nie en geen delirium is rapporteer nie. Dit kom voor of die narkosetegniek wel 'n betekenisvolle invloed op die uitkoms gehad het (QEEG, reaksietye en chemiese merkers), en dat midasolam plus ketamien by aldie die uitkomsparameters moontlik voordele bo sufentaniël kon inhou. Daar is in hierdie studie ook bevind dat pasiënte wat KV ondergaan het, 'n swakker uitkoms gehad het as die KVO-pasiënte.

Isofluraan het bygedra tot 'n beter neurologiese uitkoms, en sarsiestiltedosisse was nie daarvoor benodig nie. Die effek van die narkosetegniek berus ook moontlik nie alleen op hul metaboliese effek op neurone nie, maar ook op direkte neurotoksisiteit en op hul invloed op die integriteit van die BBS.

Ras en geslag het geen invloed op die uitkoms gehad nie. Hoër ouderdom is geassosieer met 'n ongunstiger uitkoms. 'n Laer liggaamsmassa het nie die uitkoms beïnvloed nie. Geletterdheid het gekorreleer met 'n beter uitkoms.

Langer operasietye het die uitkoms benadeel, ongeag die tipe operasie. Die invloed van die sentrale temperatuur vóór, tydens en ná KPO was ten opsigte van die QEEG- en RT-veranderlikes onduidelik. Die S-100 β vlakke het egter negatief gekorreleer met die sentrale temperatuur tydens KPO en met laer Ts-p-waardes; dit is onduidelik wat die betekenis daarvan is. Die rol van Ts-p1 was ook onseker maar moontlik voordelig. 'n Laer Ts-p tydens KPO is geassosieer met 'n beter uitkoms, terwyl 'n hoër Ts-p ná KPO voordelig was.

'n Laer bloeddruk voor KPO, en moontlik na KPO is geassosieer met 'n beter uitkoms. Die invloed van bloeddruk tydens KPO was nie duidelik nie, maar 'n hoër bloeddruk en hoër QI tydens KPO mag die uitkoms bevoordeel. Die gebruik van gliserieltrinitraat was moontlik voordelig (laer S-100 β dus voordelig óf nadelig) en MgSO₄ was moontlik geassosieer met 'n swakker uitkoms.

'n Laer PaCO₂ tydens KPO het die uitkoms bevoordeel, maar hiperkapnie het die neurologiese uitkoms benadeel. 'n Laer PaCO₂ is deurgaans geassosieer met 'n beter QEEG- en RT-uitkoms. Die laagste hematokrit tydens KPO het, by die waardes wat voorgekom het (> 17%), nie 'n duidelike invloed gehad het nie. Die glukosekonsentrasie tydens KPO het met geen uitkomsparameter gekorreleer nie.

Die opvallendste QEEG-agteruitgang was waargeneem in 'n toename in laer frekwensies (relatiewe θ en δ). Die reaksietye het meer verleng as wat die akkuraatheid afgeneem het.

NSE en S-100 β was tydens en na KPO verhoog en die styging het moontlik gekorreleer met 'n swakker uitkoms. Die verhoging van NSE was nie net aan hemolise te wyte nie.

Daar was oor groepe by 47,22% 'n ongunstige reaksieuitkoms was (>1 toets agteruitgang $\geq 10\%$). By die QEEG was daar agteruitgang (>1 toets agteruitgang $\geq 20\%$) by 64,3% van die pasiënte. Volgens die S-100 β uitkoms (S100Max > 1,1 $\mu\text{g/l}$) was daar 'n swak uitkoms by ongeveer 61,9% van pasiënte, en volgens die NSE (NKMax > 20 $\mu\text{g/l}$), 'n ongunstige uitkoms by 14,5%. Soos elders bespreek, het die verband tussen S-100 β en uitkoms egter nie in hierdie studie duidelik na vore gekom nie.

Die sensitiviteit en spesifisiteit van QEEG-uitkoms (agteruitgang van > 1 $\geq 20\%$) om reaksieuitkoms (agteruitgang van > 1 $\geq 10\%$) te voorspel was onderskeidelik 67,21% en 64,52%. Die S-100 β -uitkoms (S-100 β eerste 24 uur > 1,1 $\mu\text{g/l}$) en NSE-uitkoms (NSE eerste 24 uur > 20 $\mu\text{g/l}$) was minder sensitief en spesifiek om reaksieuitkoms te voorspel, naamlik 62,01% en 59,33% vir S100Max en 53,59% en 55,32% vir NKMax. Verder was die QEEG redelik sensitief (> 60%) om S100Max en NKMax te voorspel, maar die spesifisiteit was swak (<40%).

Daar was betekenisvolle interaksies tussen die chirurgie en die narkosetegnieke. By $\Delta\text{Akk}4\%$ en KV beter met MK gedoen terwyl die tegniek nie ten opsigte van KVO 'n groot verskil gemaak het nie. $\Delta\text{AAI}\%$ was by KVO beter met MK as met S, maar KV het nie klinies ten opsigte van MK en S verskil nie. Die styging van S100 was betekenisvol hoër by KVO wat MK ontvang het terwyl die by KV hoër was met S. KVO het dus ten opsigte van die maksimum S100 β -vlakke en AOKS100 beter met sufentaniël gedoen, terwyl KV beter gedoen het met midasolam plus ketamien. Hierdie interaksies is nog nie in die literatuur teëgekomen nie en sal verder ondersoek moet word. In hierdie studie het die betekenis van S-100 β nie duidelik geblyk nie, omdat hoër vlakke moontlik geassosieer was met 'n beter uitkoms by van die veranderlikes.

HOOFSTUK 9**GEVOLGTREKING, TEKORTKOMINGE EN BYDRAE**

Geen vergelykende kliniese studie oor die invloed van sufentaniel en ketamien plus midasolam op die neurologiese uitkoms na KPO is in die literatuur teëgekome nie. Hierdie kliniese studie toon, by hierdie relatief klein steekproef, aan dat, in soverre dit breinskade aangaan, midasolam plus ketamien as primêre narkosetegniek moontlik voordelig is in vergelyke met sufentaniel. Die narkosetegniek het ook 'n invloed op van die metaboliese veranderlikes uitgeoefen, wat opsigself die uitkoms kon beïnvloed. Ketamien plus midasolam het, naamlik in vergelyke met sufentaniel, 'n betekenisvolle invloed op die temperatuurbeheer en hematokrit gehad. Daar word beoog om hierdie aspek verder na te vors.

Die interaksies wat tussen chirurgie en narkosetegniek voorgekom het, sal verder ondersoek moet word. Alhoewel daar geen voor die hand liggende verklaring daarvoor is nie, het die enkele interaksies daarop gedui dat KV beter gedoen het met midasolam plus ketamien. Die interaksies het klinies moontlik slegs ten opsigte van S-100 β gedui op 'n beter uitkoms van KVO-pasiënte met sufentaniel. Die ander interaksies het eerder daarop gedui dat die narkosetegniek nie 'n verskil aan die uitkoms na KVO gemaak het nie, maar dat midasolam plus ketamien die neurologiese uitkoms van klepvervanging bevoordeel het. Soos reeds bespreek, is die verband tussen uitkoms en S-100 β en 'n swak uitkoms (RT en QEEG) nie in hierdie studie duidelik aangetoon nie; in teendeel, enkele S-100 β -vlakke (S1003 en S1009) het eerder korreleer met 'n beter uitkoms. Alhoewel daar dus verskille tussen die narkosetegnieke was ten opsigte van S-100 β -vlakke, dui dit, volgens die bevindinge in hierdie studie nie noodwendig *per se* op 'n swak neurologiese uitkoms nie. Is S-100 β dus in die *scenario* van breinbesering eerder 'n onskuldige omstander, of miskien voordelig? Hierdie bevindinge moet met 'n groter steekproef pasiënte bevestig word.

Daar word nie aanbeveel dat sufentanielmonoanestesia nie meer gebruik mag word nie. Eweneens bestaan daar steeds twyfel oor die veiligheid van ketamien en van midasolam by veral pasiënte met swak hartfunksie (EF < 40%). S(+)-ketamien sal waarskynlik uiteindelik die plek van rasemiese ketamien inneem, aangesien eersgenoemde meer gunstige effekte op iskemiese prekondisionering het.

Die narkotiseur moet meer betrokke wees by die fisiologiese beheer tydens KPO en dit nie aan die KPO-technoloog en chirurg oorlaat nie. Die lakse optrede van die chirurg, narkotiseur, die pomptegnoloog en intensiviste lewer waarskynlik 'n groot bydrae tot die neurologiese uitkoms na hartchirurgie.

Daar moet aandag aan nie-narkoseaspekte van hartoperasies geskenk word, naamlik pasiëntseleksie en die voorkoming van breiniskemie deur binne die perke van outoregulاسie

te bly, verlaging van die emboluslading en handhawing van serebrale bloedvloei, veral by bejaardes, diabetes mellitus en in die teenwoordigheid van serebrovaskulêre siekte. Voorts moet relatiewe iskemie voorkom word deur voldoende CDO_2 te verseker tydens periodes van verhoogde CMRO_2 (opwarming).

Moniteringsmodaliteite wat serebrale iskemie intraoperatief aantoon, verdien aandag. Dit sal dan moontlik wees om iskemie te voorkom en nie net postoperatief die katastrofe te dokumenteer nie. Alhoewel KPO-tegnoloë dikwels hul taak in goedertrou uitvoer, word daar dikwels gevind dat hulle metodes (gewoontes) en vasgestelde protokolle uitgedien is en hoegenaamd nie meer wetenskaplik gefundeer is nie. Intraoperatiewe monitering sal hierdie tekortkominge in tegniek moontlik beter uitwys.

Die teleurstellende effekte van geneesmiddels as breinbeskermers kan moontlik gesoek word in die eienskap van die CMRO_2 -verlagers (die dampe, barbiturate, etomidaat, propofol, opioïede, bensodiasepiene), en die dempers van die iskemiese kaskades (die dampe, barbiturate, propofol, etomidaat, ketamien), om intra-iskemiese ophoping van dopamien en glutamaat te demp. Daar bestaan ook die moontlikheid dat die middels direk neurotoksies kan wees deur die vorming van vryradikale (opioïede, ketamien). Die interaksie tussen farmakologiese middels en hipotermie se effek op iskemie moet opgeklar word.

Daar bestaan tans nie narkosemiddels wat klinies voorspelbaar by die mens teen iskemiese skade beskerm nie. In teendeel, narkosemiddels besit die vermoë, om breinskade te vererger, soos by pasiënte waarvan die BBS beskadig is, byvoorbeeld MIV-pasiënte. Die inflammatoriese response op KPO kan ook deur die beskermingsmaatreëls beïnvloed word – goed of nadelig.¹²⁸⁰ Die ondeurdagte optrede van die narkotiseur, chirurg, pomptegnoloog en intensivis maak natuurlik die effek van *enige* wondermiddel wat intraoperatief toegedien word, nutteloos. 'n Groot aantal proefpersone sal benodig word om die invloed van alle perioperatiewe veranderlikes te bepaal.

Met al die literatuur wat voortdurend oor die onderwerp van neuropsigologiese uitkoms na hartchirurgie verskyn, is daar al 'n magdom inligting wat die klinikus in staat stel om eklekties 'n “veilige” narkosetegniek saam te stel vir hartoperasies wat met of sonder KPO uitgevoer word. Dit is egter die taak van die klinikus om dergelike protokolle prospektief te evalueer. Dit verg duisende pasiënte, wat ook die riskante gevalle insluit, betroubare meetmetodes en voldoende tyd.

Dit is oneties om duisende diere in proewe te gebruik indien daardie bevindinge nie in die kliniek bevestig of verwerp word nie; dan was al die werk op diere tog totaal sinneloos. Die bevindinge wat onder eksperimentele toestande by diere gemaak word, is nie noodwendig ekstrapoleerbaar na die mens nie, eerstens vanweë spesieverskille en tweedens, vanweë die hemelsbreë verskil tussen eksperimentele en die kliniese omstandighede.

Vele middels wat moontlik die brein teen iskemie kan beskerm, is al met groot entoesiasme getoets. Dit loop dikwels op twyfelagtige resultate uit. Noggans moet daar van hierdie resultate kennisgeneem word, aangesien toekomstige navorsing daarop gegrond word. Verder word die nut van middels wat *in vivo* in diere of *in vitro* aangetoon is, nooit in kliniese proewe bevestig nie. Publikasiesydigheid (*publication bias*) kan daartoe aanleiding gee dat middels wat wel klinies beproef word, nie altyd publiseer word nie; daar word meer krediet verleen aan proewe waar daar 'n duidelike of opspraakwekkende bevindinge gemaak word, terwyl kliniese proewe wat nie bevindinge van diere-eksperimente bevestig nie, negeer word.

Hiermee word daar nie impliseer dat prekliniese werk nutteloos is nie – inteeendeel. Dit bied egter hoogstens die basis of model waarop die kennis wat opgedoen is, klinies toegepas kan pas. Trouens, indien daar bevind word dat 'n middel wat in diere voordelig is, by die mens geen voordelige effek het nie, of nog erger, nadelig is, is dit oneties om nie sulke negatiewe resultate bekend te maak nie.

Hopelik sal daar uitkoms wees wat betref die voorkoming van die siektes wat chirurgie noodsaak (genetiese manipulasie, farmakoterapie, immunoterapie) of die daarstel van chirurgiese en KPO-tegnieke wat die kans op serebrale iskemie totaal uitskakel.

Ten einde die invloed van al die kovariate vas te stel, is steekproefgroottes nodig wat eerder klinies-betekenisvolle veranderinge kan aantoon; dit is waarskynlik heelwat meer pasiënte as wat daar vir hierdie studie beskikbaar gestel is, maar heelwat minder as groot steekproewe wat statisties hoogs betekenisvolle resultate oplewer, maar wat van weinig kliniese betekenis is.

Hierdie studie lewer moontlik meer vrae as oplossings op. Die bevindinge van hierdie studie was ook, na die outeur se mening, nie in alle opsigte klinkklaar nie – inteeendeel. Daar moet egter van die waarnemings kennisgeneem word, hetsy positief, negatief of twyfelagtig.

Die bydrae van hierdie studie lê daarin dat daar aangetoon is dat die narkosetegniek die uitkoms na KPO beïnvloed. Daar is ook aangetoon dat dit moeilik is om breinskade aan te toon, en dat die uitkoms, soos bevind met verskillende meetmetodes, nie noodwendig met mekaar verband hou nie. By die bepaling van die effek van breinbeskermende middels moet daar nie slegs konsentreer word op die effek van die maatreëls op die brein nie, maar ook die invloed van die maatreëls op veranderlikes wat opsigself die uitkoms kan verander. Navorsers moet hulle ook hou by metodes en uitkomstriteria wat vergelyking met ander ondersoeke moontlik maak. Daar sal ook gesoek moet word na 'n klinies bruikbare definisie van “betekenisvolle verandering” eerder as statistiese kriteria wat weinig inligting oor klinies relevante funksieverandering oplewer.

BYLAES**BYLAE A****ANALISE VAN KOVARIANSIE**

Wanneer die beskrywende statistiek en korrelasies tussen veranderlikes ondersoek word, word daar waargeneem dat daar betekenisvolle verskille by van die verklarende veranderlikes tussen die narkosetegnieke MK en S en die operasietipes KVO en KV voorgekom het. Hierdie waarnemings moet by die interpretasie van hierdie verskille in ag geneem word aangesien hierdie veranderlikes *per se* 'n invloed op die uitkoms kon gehad het. Daar is byvoorbeeld bevind dat die hematokrit tydens KPO beide statisties en klinies betekenisvol laer by MK was (Tabel 7.5.3). Verder is daar gevind dat daar by MK 'n kleiner verskil tussen die sentrale en die perifere temperatuur was en dat die sentrale temperatuur vóór KPO hoër was by S as by MK. Die sentrale temperatuur ná KPO was laer by S as by MK (Tabel 7.5.1). Daar is ook aangetoon dat die tydsduur vóór en tydens KPO langer by KVO as by KV was (7.2.2), dat die persentasieverandering in intraoperatiewe bloeddruk byna betekenisvol meer negatief by S as by MK was (Tabel 7.4.1). Uit die beskrywende statistiek blyk dit dat KVO ten opsigte van die QEEG (Tabel 7.6.1.2) en die NSE (Tabel 7.7.2) 'n beter uitkoms as die KV gehad het, en dat MK ten opsigte van die reaksietye 'n beter uitkoms gehad het (Tabel 7.6.2.1). Al hierdie intraoperatiewe veranderlikes (kovariate) kon 'n invloed op die uitkoms gehad het.

Die vraag ontstaan dus of die uitkoms uitsluitlik aan hierdie veranderlikes, insluitende die chirurgie, toeskryfbaar is en of ván hierdie veranderinge 'n suiwer middeleffek was (MK of S). Daar is der halwe besluit om die bydrae van hierdie “agtergrondsgeraas” wat byeffekte van die middels, operasietyd, ensovoorts op die uitkoms gehad he te ondersoek. Vanweë die relatief klein steekproefgrootte moes die aantal veranderlikes wat by die analise van kovariansie (ANCOVA) ingesluit was, beperk word. 'n Heelwat groter aantal pasiënte sal nodig wees om reg aan ANCOVA te laat geskied. Alhoewel ANCOVA voorheen die belang van intraoperatiewe veranderlikes geïdentifiseer het, is hierdie benadering tot die geïsoleerde effek van narkosemiddels nie in kliniese vergelykende studies teëgekom nie.

Die volgende kovariate (pre- en intraoperatiewe verklarende veranderlikes) kon by terugwaartse ANCOVA ingesluit word. Die gemiddeldes van die kovariate met hul gemiddeldes wat by die ANCOVA bereken is, word tussen hakies aangedui:

Ras (S0W1) (0,57)

Geslag (M1F0) (0,60)

Ouderdom (46,5 jaar)

Tyd1 (56,9 minute)

Tyd2 (77,6 minute)

Tyd3 (58,2 minute)

Δ BP1% (-14,7%)

Δ BP2% (-38,4%)

Δ BP3% (-19,6%)

T1 (35,9°C)

T2 (32,2°C)

T3 (36,2°C)

Ts-p1 (5,2 °C)

Ts-p2 (1,6°C)

Ts-p3(2,4°C)

PaCO₂2min (31,81 mm Hg)

Hkt2min (25,9)

Iso%min (30,2 %min)

MgSO₄ (76,8 mg/kg)

Die volgende uitkomsveranderlikes is ten opsigte van die aangepaste gemiddeldes van die verklarende intraoperatiewe veranderlikes geïnterpreteer:

QEEG-veranderlikes:

$\Delta\beta\%$

$\Delta\alpha\%$

$\Delta\delta\%$

$\Delta\theta\%$

$\Delta\alpha/\theta\%$

$\Delta PS\%$

$\Delta AAI\%$

Reaksietydveranderlikes:

$\Delta RT1\%$, $\Delta Akk1\%$

$\Delta RT2\%$, $\Delta Akk2\%$

$\Delta RT3\%$, $\Delta Akk3\%$

$\Delta RT4\%$, $\Delta Akk4\%$

$\Delta RTKum\%$, $\Delta F\%$

Chemiese merkers:

NKMax, AOKNK

S100Max, AOKS100

A1 Relatiewe β -uitkoms

Hoër ouderdom, 'n meer positiewe $\Delta BP2\%$, hoër T2 en hoër PaCO₂2min is geassosieer met 'n swakker uitkoms. 'n Hoër T3 is met 'n. Die toediening van isofluraan het verband gehou beter 'n $\Delta\beta\%$. Die narkose, chirurgie en interaksies het geen betekenisvolle invloed op $\Delta\beta\%$ gehad nie en stem ooreen met die bevinding by die beskrywende statistiek (Tabel A1).

Tabel A1: $\Delta\beta\%$. $pr = 0,20$ $R^2\%$ ($\hat{R}^2\%$) = 43,32 (22,54); $p > |F| = 0,0545$

Verklarende veranderlike	Narkose (MK = 0; S = 1)	Chirurgie (KVO = 0; KV = 1)	NarkoseX Chirurgie	Jaar	$\Delta BP2\%$	T1
Koëffisiënt	4,45	-9,41	4,18	-0,38	-0,38	-6,26
p-waarde	0,491	0,121	0,571	0,019	0,035	0,165
95%VI	-8,59; 17,49	-21,45; 2,63	-10,72; 19,10	-0,86; 0,11	-0,72; -0,03	-15,23; 2,72
Verklarende veranderlike	T2	T3	Ts-p3	PaCO ₂ 2min	Iso%min	
Koëffisiënt	-3,14	12,78	2,13	-1,82	0,20	
p-waarde	0,043	0,020	0,104	0,019	0,006	
95%VI	-6,17; -0,11	2,13; 23,34	-0,47; 4,72	-3,32; -0,31	0,06; 0,33	

A2 Relatiewe α -uitkoms

Die $\Delta\alpha\%$ is slegs betekenisvol negatief deur Tyd2 beïnvloed (Tabel A2).

Tabel A2. $\Delta\alpha\%$; $pr = 0,15$. $R^2\%$ ($\hat{R}^2\%$) = 36,27 (25,35); $p > |F| = 0,0108$

Verklarende veranderlike	Narkose (MK = 0; S = 1)	Tipe (KVO = 0; KV = 1)	NarkoseX Chirurgie	S0W1 (Swart = 0; Blank = 1)	Tyd2	Tyd3
Koëffisiënt	5,98	-3,06	-11,58	15,87	-0,43	0,44
p-waarde	0,440	0,769	0,297	0,078*	0,006	0,112
95%VI	-9,57; 21,52	-24,08; 17,94	-33,77; 10,62	-1,90; 33,65	-0,72; -0,13	-0,11; 0,98

A3 Relatiewe δ -uitkoms

'n Meer positiewe verandering in $\Delta BP1\%$ en die toediening van $MgSO_4$ is geassosieer met 'n swakker δ -uitkoms terwyl die gebruik van isofluraan moontlik voordelig was (Tabel A3).

Tabel A3: $\Delta\delta\%$; $pr = 0,20$. $R^2\%$ ($\hat{R}^2\%$) = 47,09 (27,70); $p > |F| = 0,0266$

Verklarende veranderlike	Narkose (MK = 0; S = 1)	Tipe (KVO = 0; KV = 1)	NarkoseX Chirurgie	Jaar	Ts-p2	Ts-p3
Koëffisiënt	-9,12	-25,72	11,29	-1,21	-4,56	8,59
p-waarde	0,548	0,114	0,565	0,052*	0,173	0,051*
95%VI	-39,80; 21,55	-58,02; 6,59	-28,37; 50,94	-2,44; 0,01	-11,24; 2,12	-0,02; 17,21
Verklarende veranderlike	$\Delta BP1\%$	$\Delta BP2\%$	PaCO ₂ 2min	Iso%min	MgSO ₄	
Koëffisiënt	-1,20	-1,09	-4,05	0,49	-0,65	
p-waarde	0,046	0,078*	0,067*	0,036	0,047	
95%VI	-2,38; -0,02	-2,30; 0,12	-8,39; 0,30	0,03; 0,95	-1,28; -0,01	

A4 Relatiewe θ -uitkoms

Van die veranderlikes wat by $\Delta\theta\%$ 'n betekenisvolle rol gespeel het, was geslag (vroue beter), Ts-p1 (hoër beter), T2 (hoër beter) en Ts-p2 (laer beter). Ts-p3 se invloed was grens-betekenisvol (Tabel A4). Hierdie bevinding van die invloed van T2 is in teenstelling met die bevinding by $\Delta\beta\%$ waar 'n hoër temperatuur geassosieer is met 'n swakker uitkoms (Tabel A1). Hierdie teenstrydige bevinding mag daarop dui dat temperatuur as kovariaat in die omgewing van verskillende kovariate anders optree.

Tabel A4: $\Delta\theta\%$. $pr = 0,15$. $R^2\%$ ($\hat{R}^2\%$) = 54,47 (37,78); $p > |F| = 0,0049$

Verklarende veranderlike	Narkose (MK = 0; S = 1)	Tipe (KVO = 0; KV = 1)	NarkoseX Chirurgie	M1F0 (man = 1; vrou = 0)	Ts-p1	T2
Koëffisiënt	-26,67	-40,98	14,48	-21,42	5,19	5,87
p-waarde	0,012	0,001	0,224	0,037	0,004	0,030
